Matieland

2:80

In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn

SFW

VZ77/2986

JAARGANG 24
SEPTEMBER 1980

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
STELLENBOSCH 2000	4
Die Leeus in Matieland	7
Dr. De Kock skenk edelstene	8
Oud-Matie Bak Dak Laih in Hong Kong	10
Castle skenk beurse	13
Dokumentesentrum gestig	13
Huldigingsbundel aan prof. De Wet	13
Oud-Maties van '51-'60 saam	14
Bekendes gedekoreer	14
Brig. Mulder voer nou bevel	15
Garbers W.N.N.R. se hoof	15
Aanvullende plegtigheid	16
Hertzogpryswenner	16
Oud-Maties in die nuus	17
Sewende Herfsskool	17
Matierugby se nuutste 'Bokke	19
Oud-Maties byeen	20
Rugbyfees	24
Academic exchange programme with Israel	29
Van ons donateurs	30
Richard Behrens se blywende bydrae	34
‚The Home' kom huis toe	37
L.O. kry 'n spogsentrum	38
. . . en dr. Jokl kom kuier	39
Merkwaardige Oud-Matie word 90	40
Langverwag — vir 'n sorgelose oudag	41
Harmonie se fees	43
Aanstelling en bevorderings	44
In Memoriam	46
Notule van die Konvokasie	48

Oud-Matie Bak Dak Laih werk in Hong Kong — bl. 10

Rugbyfees sonder weerga — bl. 24

'n Legende kom kuier — bl. 39

Harmonie se fees — bl. 43

Voorblad:
Die Britse Leeus se wedstryd op Stellenbosch op 27 Mei vanjaar was geskiedkundig. (Lees op bl. 7) (Foto: Colin Edwards)

Gedruk deur
TRIO-RAND/S.A. LITHO

Danie Craven-Stadion

DIE BOEK OOR DIE MATIES EN HUL RUGBYROEM

Alle rugbyentoesiaste kan met hierdie praguitgawe die 100-jarige bestaan van die Rugbyvoetbalklub van Stellenbosch saam met "Die Groot Rugbygesin van die Maties" vier. Dit is die titel van hierdie wonderlike boek deur "Meneer Rugby" self, dr D H Craven, wat beslis 'n gesogte Africana-versamelstuk sal word. Alles dus oor een Rugbyklub wat 109 Springbokke opgelewer het.

Hierdie boek bevat 'n kort geskiedenis van die klub van sy eerste wedstryde wat op die historiese Braak gespeel is. Daar is baie interessante feite en statistiek oor wedstryde wat gespeel is asook die feite oor spelers self insluitende die "curriculum vitae" van elk van die 109 'Bokke.

Hierdie aantreklike hardebandboek met goudbosselering is in kleur gedruk en word in 'n kleurryke stofomslag aangebied. Dit sal gedurende November vanjaar gekoop kan word vir net R20,80 per eksemplaar (A V B ingesluit). Plaas nou u bestelling regstreeks by Galvin & Sales (Edms) Bpk.

GALVIN & SALES (EDMS) BPK
Posbus 1458, Kaapstad 8000

BESTELVORM:

Stuur my asseblief ..... eksemplaar/eksemplare van die boek "Die Groot Rugbygesin van die Maties". Hierby gaan my tjek/posorder ten bedrae van R .....

Naam .....

Adres .....

.....

REDAKSIONEEL

STELLENBOSCH 2000

MET die aankondiging wat die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. Mike de Vries, gister gedoen het, is 'n splinternuwe riglyn vir universiteitsontwikkeling in Suid-Afrika neergelê.

Wat hy in die vooruitsig gestel het, is dat Stellenbosch, reeds so 'n toonaangewende inrigting, 'n akademiese koers moet inslaan wat van hom die voorste sentrum vir nagraadse opleiding en navorsing in die land sal maak. Dit beteken 'n inrigting wat hom op die lewering van kwaliteitsmense, daardie hoogste vlak van uitvoerende leiers, wil toespits.

Daarmee word 'n verbeeldingryke koers ingeslaan wat van Stellenbosch die eerste Suid-Afrikaanse universiteit kan maak wat in dieselfde klas as die beroemde ,,Ivy League''-universiteite van Amerika sal val.

Inrigtings soos Harvard, Yale, Princeton en ander het status verwerf vanweë hul strenge toelatingsvereistes, die hoogstaande akademiese werk wat hulle doen en die leiersmateriaal wat hulle op alle gebiede aan die gemeenskap lewer.

Met die hoë peil wat akademiese opleiding in Suid-Afrika bereik het, is die tyd waarskynlik ryp dat hierdie soort gevorderde gehalte nagestreef kan word.

In elk geval maak die praktiese behoeftes van Suid-Afrika soos dit vir die komende dekades voorsien word, tesame met die ontploffing van kennis, 'n ontwikkeling van dié aard uiters noodsaaklik. Die uitdagings wat voor die deur staan, kan op geen ander wyse die hoof gebied word as om te sorg dat die regte mense aan die top — in uitvoerende hoedanigheid, as ondernemers en as voorgangers op elke gebied — beskikbaar is nie.

Dit geld ook die gekleurdes. En wat dit betref, het Stellenbosch reeds begin om sy deel te doen deur sy deure vir die nagraadse opleiding van ander groepe oop te stel. Ook hulle sal dus uit die nuwe ontwikkeling voordeel trek.

Die tyd is min. Dit is inderdaad so dat die meningsvormers en besluitnemers in 'n moderne gemeenskap in die ouderdomsgroep 45 tot 65 jaar val. Dit beteken dat die intellektuele leierskorps van die jaar 2000 universiteitsgesproke klaar gevorm is, of reeds as baie senior aan die inrigtings verkeer.

Daar kan nie ontkom word aan die waarheid dat die getal van diegene wat heel bo uitstyg drasties verhoog sal moet word nie. Dit is presies wat nou op Stellenbosch beoog word en waarvoor die groot insamelingsveldtog, bekend as Stellenbosch 2000, van stapel laat loop is.

Stellenbosch het 'n mooi en stewige fondament waarop hy sy nuwe ideaal kan bou. Die Burger wens hom groot sukses hiermee toe.

—Die Burger (hoofartikel), 7 Augustus 1980.

FOKUS

EN hier is hy — die Oud-Matie onder wie se besielende leiding Suid-Afrika weer eens 'n krag in wêreldrugby geword het.

Morné du Plessis, tiende Springbokrugbykaptein van die Maties, het vermag wat geen van sy voorgangers nog kon nie. Hy het — tot dusver — die Springbokke in 13 toetse as kaptein voorgegaan en nie minder nie as 11 keer het die draers van die groen en goud as oorwinnaars van die veld gestap. Dié reekse was teen Frankryk (1975), Nieu-Seeland (1976), Suid-Amerika (1980) en Brittanje (1980).

Die enigste kere wat 'n Springbokspan onder sy kapteinskap verloor het, was in die tweede toets teen die All Blacks in 1976 in Bloemfontein en in die vierde en laaste toets op Loftus Versfeld teen vanjaar se Britse Leeus.

Op 'n gemiddelde basis bereken, is dit heelwat beter as Dawie de Villiers, die agste Springbokkaptein van die Maties, wat die Springbokke 22 keer in toetse aangevoer het. Onder De Villiers het die Bokke 13 van die 22 toetse gewen, vyf verloor en vier gelykop gespeel.

Morné du Plessis het in 1968 op Stellenbosch aangeland. Hy het die grade B.Comm. en Hons.-B.Comm. aan die U.S. verwerf.

In 1972 het hy die kapteinskap van die Maties se eerste XV oorgeneem en tot 1974 het hy hulle tot talryke groot oorwinnings aangevoer.

Hy was o.m. kaptein van die Matiespan toe die jaarlikse kragmeting teen Tukkies in 1973 hervat is. In daardie eerste wedstryd op Coetzenburg is Stellenbosch hoegenaamd geen kans gegun teen die Tukkies wat toe 49 agtereenvolgende oorwinnings op hulle kerfstok gehad het nie. Maar daardie dag het Du Plessis, saam met manne soos Jan Boland Coetzee, Pierre Goosen en Slang Kritzinger, die Tukkies skoon disnis gespeel — die eindtelling, ná Kritzinger se manjifieke onderskepdrie, was 14-6.

Morné du Plessis is 'n diep mens en 'n voortreflike sportman. Hy is inderdaad die ,,kaptein van Springbokkapteins''. Ons hoop hy sal Suid-Afrika nog baie jare op die rugbyveld lei.



Charl Pauw van TV-Nuus voer 'n onderhoud met prof. Mike de Vries kort ná die aankondiging oor STELLENBOSCH 2000.

STELLENBOSCH

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH het as opvoedkundige inrigting bekend geword vir die leiers en ondernemers wat hy op allerlei gebied gelewer het. Hy is 'n sentrum van aansien vir die intellektuele ontwikkeling en die versterking van die karakter van ons land se jong mense: 'n lewenskragtige instelling waar selfstandige denke en werkywer bevorder word.

Stellenbosch se kinders is wyd verspreid. Sy wortels groei diep in eie bodem. Sy prestasies is groot, sy bydrae tot ons volkshuishouding onskatbaar. Eerste ministers en digters, geestelikes en ingenieurs, kabinetslede en skrywers, parlementslede en onderwysers, regters en boere, administrateurs en geneeshere, provinsiale raadslede en advokate, diplomate en joernaliste, te veel om op te noem: mense met visie, insig, durf en dryfkrag, leiers van Suid-Afrika — dit is die produkte wat die Universiteit in die vallei van Van der Stel aan die land gee.

UNIVERSITEITE kweek leiers vir die toekoms. In hierdie nasionale diens het die Universiteit van Stellenbosch 'n groot tradisie in en buite Suid-Afrika.

Met die kennisontploffing van die twintigste eeu het dit duidelik geword dat 'n eerste universiteitsgraad nie langer genoegsame toerusting is vir die leier van môre nie.

Om die jong mense toe te rus vir die komende eise van ons land se groei en ontwikkeling, moet Stellenbosch vandag se student met potensiaal lei en inspireer tot nagraadse opleiding.

STELLENBOSCH 2000 is 'n veldtog van die

DIE Universiteit van Stellenbosch glo dat sy grootste bydrae vir die toekoms van Suid-Afrika op nagraadse vlak geleë is. Daarom is dit sy vaste voorneme om die voorste sentrum vir nagraadse opleiding en navorsing in Suid-Afrika te word, het die Rektor van die Universiteit, prof. Mike de Vries, op 6 Augustus op 'n nuuskonferensie in Kaapstad gesê.

Uitgebreide nagraadse opleiding stel besondere eise, ook wat betref voorgraadse programme en toelating tot laasgenoemde. Om hierdie doel te bereik, het die Universiteit met 'n nuwe, uitgebreide insamelingsveldtog, bekend as STELLENBOSCH 2000, begin.

,,Dit is 'n veldtog om in die arbeidskragbehoeftes van die jaar 2000 en daarná, te help voorsien, en dit word vir Suid-Afrika en al sy mense gedoen,'' het Rektor De Vries gesê.

Prof. De Vries het verwys na Stellenbosch se trotse verlede van diens aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

,,Stellenbosch wil daardie diens voortsit, maar in die lig van die eise wat vandag en oor die volgende dekades gestel gaan word, sal ons wyse van lewering herformuleer moet word.

,,Gevolglik is dit ons voorneme om nagraads sterk te ontwikkel, want met die kennisontploffing van die afgelope dekades het dit nou reeds duidelik geword dat 'n eerste universiteitsgraad nie meer genoegsame toerusting aan die leier van môre bied nie.''

Hy het gesê die aantal mense met 'n eerste graad gaan in die volgende twee tot drie dekades drasties toeneem. Om die stelling te staaf, het hy genoem dat daar verlede jaar 23 218 blanke en 6 822 swart matrikulante was wat toelating tot graadstudie aan universiteite kon verkry.

,,In die jaar 2009, dit is oor minder as 30 jaar, sal die syfers 28 609 teenoor 98 187 wees, en dan meld ek nie eens leerlinge uit ons bruin en Indiër gemeenskappe nie wat saam ver oor die 18 000 sal wees.''

,,Deur aansienlike nagraadse groei, sal Stellenbosch 'n groot deel van die mense kan lewer wat in die toekoms die leierskorps van die land gaan uitmaak.

,,Dit is van die grootste belang dat daar iewers in Suid-Afrika op nagraadse studie gekonsentreer behoort te word, en Stellenbosch is in die gelukkige posisie dat 'n kwart van sy 11 954 studente nagraads is. Trouens, die gemiddelde nagraadse studentetal vir verlede jaar en vanjaar is presies 25 persent en dosente en nagraadse studente het verlede jaar aan 1 950 navorsingsprojekte gewerk.

,,Ons is ook trots om te kan sê dat die gehalte van ons eerstejaarstudente steeds verbeter. Vyf jaar gelede het 60 persent van ons eerstejaars 'n C-simbool gemiddeld — die vroeër begrip van 'n eersteklas — of hoër in die skooleindeksamen gehad. Verlede jaar was dié syfer 70,4 persent, en van vanjaar se bykans 2 600 nuwelinge het 74,6 persent 'n C-simbool gemiddeld of hoër in die matriekeindeksamen behaal.''

Prof. De Vries het ook gemeld dat 'n nuwe akademiese beleid vir die langtermyn geformuleer is. So bv. is voorgraadse diplomakursusse waarvoor matriekvrystelling nie nodig is nie geleidelik afgeskaf en word die afskaf van die laaste bestaande ses diplomas met hierdie toelatingsvereiste tans deur fakulteite beoog. Alle studente vir graadstudie moet volle matriekvrystelling hê.

Prof. De Vries het gesê Stellenbosch beywer hom daarvoor om dit vir mense wat oor die nodige potensiaal beskik, moontlik te maak om verder te studeer as 'n eerste graad.

,,Dit is in belang van die land dat almal met potensiaal nagraads studeer en hulle potensiaal ten volle ontwikkel word. Stellenbosch aanvaar die uitdaging wat die volgende dekades bied en wil as akademiese inrigting die kwartêre vlak in ons onderwyssisteem so vinnig moontlik uitbou.''

Prof. De Vries voorsien dat Stellenbosch deur middel van die veldtog STELLENBOSCH 2000 'n universiteit sal word met al die nodige geriewe vir nagraadse opleiding, waar die gevestigde tradisie aangetref word van navorsing wat gedoen word en waar doeltreffende nagraadse programme met visie aangebied word.

Sommige van die nagraadse programme is reeds gestruktueer om die eise van die toekoms in ag te neem. In die Departement Siviele Ingenieurswese word bv. 'n kursus van vyf weke aangebied vir die man wat in die bedryf staan. Die deelnemer verlaat sy werksmilieu, word vir wyf weke in 'n akademiese milieu geplaas, en handel dan twee semestervakke af. Die suksessyfer is hoog en buitelandse gasdosente wat die program help aanbied, praat met groot lof van hierdie program, het die Rektor gesê.

Bereken teen die huidige kostestruktuur, word 'n bedrag van R20 miljoen benodig om doeltreffende fasiliteite vir nagraadse studie en navorsing aan die universiteit van Stellenbosch te skep. Stellenbosch 2000 is gerig op nagraadse opleiding en navorsing. Geld wat met dié veldtog ingesamel word, sal hoofsaaklik aangewend word vir nagraadse opleiding en navorsing — en alles wat daarmee gepaard gaan. Steun aan Stellenbosch 2000 is 'n belegging in arbeidskrag en leiers vir die toekoms.

2000

Universiteit om in die behoeftes aan mensekragte teen die jaar 2000 en daarná te help voorsien.

Ek vra u om u by Stellenbosch te skaar in hierdie opwindende onderneming. Daarmee sal u ook u vertroue in ons almal se toekoms bevestig. U ruim ondersteuning vir STELLENBOSCH 2000 is 'n belegging in werkkragte en leiers vir die tye wat wag.

— Prof. Mike de Vries, Rektor

EKSKLUSIEF BY DE WETS VIR DIE EERSTE KEER

(kyk foto op binne-agterblad)

DONKERBLOU OUD-MATIE SWEETPAKKE

Grootte (borsmaat): 36 dm—42 dm (92 cm—107 cm)
Prys R29,95 + 4% A.V.B. R1,20 + Posgeld R0,60 + K.B.A. R1,00 = Totaal R32,75

Borsmaat: 44 dm—46 dm (112 cm—117 cm)
Prys R32,95 + 4% A.V.B. R1,32 + Posgeld R0,60 + K.B.A. R1,00 = Totaal R35,87

Ook beskikbaar:
Pruimrooi Matiesweetpakke teen dieselfde prys as bovermelde.
Grootte: 34 dm—44 dm (87 cm—112 cm)

DONKERBLOU OUD-MATIEDASSE, PRUIMROOI MATIEDASSE, PRUIMROOI RUGBYDASSE, PRUIMROOI DAGBREEKDASSE

Prys R7,95 + 4% A.V.B. R0,32 + Posgeld R0,35 + K.B.A. R1,00 = Totaal R9,62

WEES TROTS OP U ALMA MATER
BESTEL NOU!

DONKERBLOU OUD-MATIE INGENIEURS OF REGSFAKULTEIT KLEURBAADJIES

Grootte (borsmaat):
34 dm—46 dm (87 cm—117 cm)
34 (L)—44 (L) (87 (L)—112 (L))
4¼—8¼ (92 (S)—112 (S))
Prys R69,95 + 4% A.V.B. R2,80 + Posgeld R0,60 + K.B.A. R1,00 = Totaal R74,35

PRUIMROOI MATIE RUGBYKLUB OF KOSHUISKLEURBAADJIES

Grootte (borsmaat):
34 dm—46 dm (87 cm—117 cm)
34 (L)—44 (L) (87 (L)—112 (L))
4¼—7¼ (92 (S)—107 (S))
Prys R62,95 + 4% A.V.B. R2,52 + Posgeld R0,60 + K.B.A. R1,00 = Totaal R67,07

EKSKLUSIEF — NET BY:

GEBRS. DE WET (Birdstraat 21)
POSBUS 21
STELLENBOSCH
7600
(Telefoon: 3001)

LEEUS IN MATIELAND

NOG 'n hoogtepunt in die eeufeesjaar van Matierugby was die besoek op 27 Mei vanjaar aan Stellenbosch deur die Britse Leeus van Bill Beaumont. Dit was 'n geskiedkundige besoek aangesien 'n internasionale rugbytoerspan nog net eenkeer voorheen op Stellenbosch ontvang is en dit was op 7 September 1891 toe die Engelse span van Len Maclagan met 2 — 0 teen die Maties gewen het.

Beaumont se Leeus het op die Danie Craven-stadion teen 'n uitnodigingspan van die S.A. Rugbyfederasie kragte gemeet. Die Britte het 14 — 6 gewen. Twee Matie eerstespanspelers, Hempies du Toit en Hennie Bekker, het vir die Federasiespan gespeel.

Dieselfde spogdisse wat die aand van 7 September 1891 aan Maclagan en sy manne in die toentertydse Royal Hotel op Stellenbosch voorgesit is, is die middag voor die dag van die wedstryd vir Beaumont en sy Leeus voorberei. Die ongelooflike ete wat o.m. geroosterde eend, gans, kalkoen, hoender en wildsvleis ingesluit het, is deur Stellenbosch Boerewynmakery in die Oude Libertas sentrum aangebied.

Die Britte was verstom — maar hulle het gesmul asof kos uit die mode raak! Baie van die Stellenbossers wat teenwoordig was, het ook gesê hulle het nog nie voorheen so 'n maaltyd gesien nie.

Die geskiedkundige wedstryd van 27 Mei op die Danie Craven-stadion was in 'n sin ook 'n huldeblyk aan dr. Danie Craven, die man wat miskien meer as enigiemand anders bygedra het tot die bevordering van beter gesindhede tussen die mense wat hierdie land bewoon.

DOK Danie Craven, grootbaas van rugby in Suid-Afrika en die Maties se direkteur van Sport, in gesprek met Bill Beaumont, kaptein van Die Britse Leeus, kort voor die aanvang van die spogete in Stellenbosch Boerewynmakery se Oude Libertas-sentrum op 26 Mei vanjaar. Die Leeus het die volgende dag op die Danie Craven-stadion teen 'n uitnodigingsvyftiental van die S.A. Rugbyfederasie gespeel.



Breedvoerigste versameling in S.A.

DR. W. P. DE KOCK SKENK VERSAMELING EDELSTENE

DIE woord uniek word selde in die regte konteks gebruik. Uniek beteken enig in sy soort.

Dr. W. P. de Kock, lojale Oud-Matie en o.m. voorsitter van die Diamantprodusentevereniging, het onlangs sy private versameling uiters waardevolle edelstene aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk.

,,Dit is die breedvoerigste versameling geslypte edelstene, met ander woorde, die grootste verskeidenheid wat op permanente uitstalling in die Republiek van Suid-Afrika vertoon word,'' sê mnr. Herbert Pienaar, hoof van die afdeling gemmologie in die Departement Geologie. Dr. De Kock se skenking aan sy Alma Mater is dus uniek.

Die versameling bestaan uit sowat 1 250 monsters, waarvan 950 geslyp en 300 ru is. Van die geslypte stene is sowat 200 sintetiese edelstene, die res is natuurlike stene. Daar is 82 edelsteen-variëteite met nog 'n aantal ander minerale.

Die totale massa van die versameling is net meer as 5 000 karaat. Die mees uitsonderlike enkelsiersteen is 'n silwer topaas van 65 karaat. Die grootste siersteen is 'n stervormige rookkwarts van 73 karaat en die mees seldsame voorbeeld is die gegraveerde bybel van git. Daar is ook sintetiese smarag, sintetiese robyn en 'n sintetiese rutiel.

Dr. De Kock het sy versameling amptelik aan prof. Jan de Bruyn, dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe oorhandig. Prof. De Bruyn het benewens dr. De Kock ook dank uitgespreek teenoor die De Beers Consolidated Diamond Mines Beperk wat die vertoonkaste, beligting en sekuriteitsbedrading aan die universiteit geskenk het. Die waarde van dié skenking bedra R4 000.

Mnr. F. W. de Klerk, minister van Mynwese, het ook die oorhandigingsplegtigheid bygewoon. Hy het gesê die versameling is die gevolg van feitlik 'n leeftyd van volgehoue belangstelling, geduld en toewyding. ,,Dit spreek van kieskeurigheid en die kennis van 'n liefhebber,'' het mnr. De Klerk gesê.

Hy het bygevoeg dat die waarde daarvan eintlik nie in harde kontant bereken kan word nie. ,,Dit is veel meer,'' het hy gesê, ,,Dr. De Kock het eintlik 'n deel van homself oorhandig. Dit is 'n onbaatsugtige daad en sprekend van sy liefde vir die groot minerale skat wat in Suid-Afrika se bodem opgesluit is.''

Mnr. De Klerk het ook daarop gewys dat edelstene nie altyd in Suid-Afrika tot hulle reg kom nie. ,,Hierdie unieke versameling is 'n sprekende bewys van die verskillende kleure in hulle eie karakter wat die minerale kenmerk. Ek hoop dit lewer 'n bydrae dat sierstene in Suid-Afrika tot hulle reg sal kom,'' het hy gesê.

Dié versameling is inderdaad 'n deel van dr. De Kock se lewe. Dit is vanjaar 55 jaar gelede dat dr. De Kock sy graad in geologie en skeikunde aan die U.S. ontvang het. Sedertdien het hy in elke deel van Afrika suid van die Sahara as ekonomiese geoloog opgetree, mineraalvoorkomste ondersoek, evalueer, en in baie gevalle help ontgin. En deurentyd het hy gebou aan dié versameling.

,,Dit het deel geword van my gesin en van ons huishouding, maar as dit gebruik word en kan help om die taak van die dosente makliker te maak, die taak van studente te assimileer, dan word ek en my familie ryklik beloon vir die opoffering en die afstanddoening van 'n versameling wat meer as 50 jaar deel van ons huishouding was,'' het dr. De Kock gesê.

Hy het gesê dat die vereiste vir 'n versamelaar belangstelling in, liefde vir en kennis van minerale is. ,,Die kennis van minerale het ek in hierdie departement opgedoen. Dit is daardie inspirasie wat my genoop het om hierdie versameling aan my Alma Mater oor te dra.''

Dr. De Kock het daarop gewys dat die gebruik van gekleurde stene in die juweelkuns vandag wêreldwyd toeneem — hy sê die toename in die hantering van gekleurde stene het iets geword wat gekom het om te bly.

,,Die onrealistiese hoë prys van diamante noop baie jong mans om in plaas van 'n diamant vir sy nooi 'n gekleurde steen te gee. Hulle sê, ‚a diamond is for ever', maar ek wil 'n ander Engelse term gebruik om nie net die versameling nie, maar ook die edelsteen te beskryf: ‚A thing of beauty is a joy for ever.' ''

Hy het daarop gewys dat natuurliefhebbers weet dat hulle ,,thing of beauty'' of dit nou blom, plant of dier is, se leeftyd maar baie beperk is. ,,Die leeftyd van minerale word nie in jare of tientalle jare gemeet nie, maar in duisende, miljoene en honderde miljoene jare. En die duursaamheid daarvan is iets wat enige versameling van dié aard uitstaande maak omdat versamelings soos meubels, tapyte, boeke en seëls verganklik is en betreklik kort; selfs skilderye het 'n betreklike kort leeftyd, terwyl edelstene vir altyd daar is.''

Dr. De Kock het egter bygevoeg dat hóé kosbaar enige versameling edelgesteentes ook al mag wees, die Departement Geologie soos ander departemente aan die Universiteit, oor iets veel meer kosbaar beskik, naamlik die jeug van Suid-Afrika. ,,Die jeug kom na hierdie Universiteit om opgelei te word. Dit is derhalwe die taak van die

Die foto is geneem tydens die oorhandiging van dr. Willem De Kock se unieke versameling edelstene. Dr. De Kock het dit aan die De Beers-laboratorium in die Departement Geologie oorhandig om die studie van gemmologie, nie net aan die U.S. nie maar ook in Suid-Afrika, aan te moedig. V.l.n.r. staan die dekaan van die Fakulteit van Natuurwetenskappe, prof. Jan de Bruyn, die minister van Mynwese, mnr. F. W. de Klerk en dr. De Kock.

dosente om hulle te leer, te slyp, te poleer, te motiveer en te inspireer vir die taak van hulle toekoms. Dit is die taak van dosent en student om die leemtes en gapings wat deur delwing veroorsaak word, aan te vul. En dit kan alleenlik deur mensemateriaal gedoen word."

En as die mensemateriaal reg gebruik word, het dr. De Kock gesê, sal minerale wat al skaarser word, wat al moeiliker is om te vind, met meer gesofistikeerde instrumente opgespoor en ontgin kan word. „Dit is die taak van dosent en student om die strategiese waarde van ons minerale nie te laat vervaag nie."

Hy hoop, het dr. De Kock gesê, dat die versameling sal dien om die studie van gemmologie in Suid-Afrika aan te moedig. Inderdaad, soos mnr. De Klerk ook opgemerk het: Dr. De Kock het met dié unieke versameling, veral omdat hy dit in sy geheel aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk het, sy persoonlike stempel op gemmologie afgedruk.

Dr. De Kock was al die jare nog baie lojaal teenoor sy Alma Mater. Hy is een van die universiteit se grootste en gereelde donateurs. Dit is o.m. aan hom te danke dat die afdeling gemmologie vandag pronk met die allermonderne De Beers-laboratorium.

● Die U.S. het in 1978 'n eredoktorsgraad aan dr. De Kock verleen.

Tiba Pretorius, alias Baak Dak Laih, is 'n Oud-Matie met 'n besonderse werkterrein — sy doen sendingwerk in Hong Kong. Sy het geleer om die spreektaal, Kantonees, vlot te praat en het lief geword vir Hong Kong en sy mense.

OUD-MATIE BAAK DAK LAIH WOON EN WERK IN HONG KONG

TOE Tiba Pretorius 'n klompie jare gelede tydens 'n C.S.V-kamp by Bainskloof na die Internasionale Direkteur van 'n sendingorganisasie geluister het, het sy besef sy is geroepe om in die Ooste te gaan werk. Vandag is sy lid van daardie einste organisasie, woon in Hong Kong, praat Kantonees vlot en selfs haar naam heet Baak Dak Laih.

Tiba is beslis 'n Oud-Matie met 'n besonderse werk — eintlik werksgebied. Sy het 'n graad in maatskaplike werk behaal en was inwoner van Huis Minerva en Irene.

Na byna twee-en-'n-half jaar in Hong Kong het sy onlangs weer haar moeder wat op Vishoek woon, kom besoek. Ondertussen is sy weer terug om die res van haar vier-jaar-skof in die Ooste te voltooi. Die Sendingorganisasie waaraan sy behoort is internasionaal en interkerklik. In Hong Kong alleen is daar 18 lede van die organisasie — Tiba is die enigste Suid-Afrikaner. Die hoofkantoor is in Singapoer en die voertaal Engels.

Só lyk die woonstelblok waarin Tiba Pretorius woon en ontspan — dis ook hier waar sy TV kyk, en o.m. ook die wedervaringe van „Starsky & Hutch" meegemaak het. Daar is vier TV-dienste, twee Engels en twee Sjinees.

Haar vertellinge oor die Ooste, wat vir die meeste Suid-Afrikaners 'n haas onbekende vasteland is, is boeiend — haar lewenservaring en uitkyk baie breed vir 'n jong vrou.

En dit ag sy baie hoog. „Ek was nog nooit spyt oor my besluit om Hong Kong toe te gaan nie. Trouens my raad aan ander jong Suid-Afrikaners is: as dit enigsins moontlik is, gaan woon en werk vir 'n tydperk oorsee voordat julle trou ens. Mens leer só baie, dit is 'n wonderlike ondervinding om te ervaar hoe ander volke woon, leef en werk, en om 'n taal soos Kantonees aan te leer."

Sy vertel dat Kantonees 'n baie moeilike taal vir 'n Westerling is om aan te leer. Sy het vir twee jaar drie uur per dag daaraan bestee aan die universiteit van Sjina in Hong Kong. Nou gaan sy vir nog 'n jaar vir een klas per week.

Maar omdat sy hoofsaaklik in Kantonees moet praat en werk, sê sy, kom sy al hoe meer agter dat sy nie meer in Afrikaans dink nie, maar wel in Kantonees. Dit klink ongelooflik maar as mens hoor hoe vlot sy dit praat, besef jy dat dié Oud-Matie iets reggekry het wat weinig ander Suid-Afrikaner nog kon.

Haar woonstelmaat in Hong Kong is 'n Sjinese Christen met die naam Viva Leong. Haar vader is 'n miljoenêr. Die twee meisies van twee verskillende wêrelde kom egter uitstekend oor die weg en het baie goeie

Tiba se woonstelmaat, Viva Leong, is die dogter van 'n Sjinese miljoenêrsakeman. Viva is ook 'n Christen en praat vlot Engels. Die twee het baie goeie vriendinne geword.

vriendinne geword. Viva is terloops haar ,,Engelse'' naam.

Tiba het spoedig uitgevind dat as mens in Hong Kong is, jy vir jou 'n Kantonese naam moet kry. Die matrone van die hospitaal daar is 'n ekspert daarmee en het dadelik gesê Tiba se ,,nuwe'' naam is Baak Dak Laih. As mens dit in Engels vertaal, beteken dit Beautiful White Virtue. Die naam is spesifiek só gekies om by haar beroep te pas. ,,Die naam is beslis ook iets vir my om na te strewe'', sê sy.

En maak die Christendom enige vordering in die Ooste? Tiba vertel: ,,In Hong Kong self is die kerk redelik gevestig. Daar verrig ons gespesialiseerde dienste. Ek is verantwoordelik vir raadgewing. In Thailand bv. is dit egter 'n ander saak. Die land het 'n inwonertal van 45 miljoen. Net ,01% van hulle is Christene en dit sluit Rooms Katolieke in. Sendelinge in dié land gaan woon tussen die mense in die klein dorpies en hoewel daar daagliks mense is wat hulle bekeer, is dit getalsgewys maar 'n druppel in die emmer.

,,In Korea is die kerk ook redelik gevestig. Daar is bv. in Seoul 'n kerk wat 15 000 mense kan huisves. Daar is Sondae drie dienste en elke keer is die kerk stampvol.''

Nee, sê Tiba, die grootste struikelblok in die pad van Christendom in Hong Kong is nie die Kommunisme nie, maar wel materialisme.

,,Almal daar is net op die geldmaak uit. Goud is vir hulle die wonderlikste ding op aarde. Luister maar op die radio na die internasionale goudpryse — Hong Kong s'n is dikwels die hoogste in die wêreld.''

Dit hang seker saam met hulle hardwerkenheid? Tiba sê die Sjinese redeneer: waarom moet ek vakansie neem as ek kan werk. ,,Wat dit betref is hulle 'n voorbeeld vir ons Suid-Afrikaners wat weer redeneer: waarom moet ons werk as ons kan vakansie hou?''

Dit mag miskien 'n wesentlike verskil tussen Suid-Afrikaners en Sjinese wees, maar, sê Tiba, daar is wel punte van ooreenstemming. ,,Net soos die Suid-Afrikaner, wys die Sjinees weinig emosie, veral wanneer dit by belangrike sake kom. Daar is selfs 'n Sjinese spreuk wat lui dat 'n man bloed mag stort, maar tog net nie 'n traan nie!''

Sy het ook gevind, sê Tiba, dat hoewel die kultuur, die taal en die gewoontes verskil, die Sjinees maar net soos enige Suid-Afrikaner is. ,,Hulle is bly oor dieselfde dinge, hulle huil oor dieselfde dinge, hulle vrees dieselfde dinge — basies is menswees maar oral dieselfde. En ek dink Suid-Afrikaners kan baie baat vind by dié idee — oppervlakkig mag die verskillende volkere verskil, maar basies is almal se behoeftes presies dieselfde''.

Ondertussen volg sy 'n honneurskursus in sielkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. ,,Ek hoop om so tussendeur my Kantonese klasse tyd daarvoor te maak. Hopelik kan ek dan by my terugkeer oor 'n jaar of wat die nodige eksamens aflê''.

Tot daardie tyd aanbreek, Baak Dak Laih, mag jou werk in Hong Kong geseënd wees.

Suid-Afrikaners besef nie hóé oorbevolk Hong Kong is nie. Dié foto beeld die probleem goed uit. Tóg, sê Tiba, is daar 'n mannekragtekort in Hong Kong.

Daardie gevoel van Permanensie.

Dis dáár - met gesonde finansiële advies.



Elke tak van Die Perm het mense wat die probleme van persoonlike geldsake haarfyn ken. Dis hul werk. Gesels met een van hulle as u planne het om 'n huis te bou of te koop. Of as u spaar met 'n spesifieke doel. Of 'n belastingprobleem het.

Hulle sal nie u kop laat draai met ingewikkelde finansiële terme nie. U kry gesonde finansiële advies wat u kan verstaan.

Die Perm sorg al meer as 95 jaar vir antwoorde op Suid-Afrikaners se geldprobleme.

Besoek enige kantoor van Die Perm en u sal verstaan wat dit beteken om te deel in 'n gevoel van Permanensie.

Die Perm

SUID-AFRIKAANSE PERMANENTE BOUVERENIGING



Maak Permanensie deel van u lewe.

VZ79/JS580/484

Dokumentesentrum gestig

DIE stigting van 'n dokumentesentrum vir Afrikaanse Kultuurmateriaal aan die Universiteit van Stellenbosch is deur die Rektor, prof. Mike de Vries, bekend gemaak. Die sentrum gaan veral toegespits wees op die verkryging en bewaring van geskrewe en gedrukte dokumente wat



Mnr. Flooi du Plessis

eie is aan Stellenbosch en die res van Wes-Kaapland.

Die dokumentesentrum word in die Carnegie-biblioteek van die Universiteit gehuisves. ,,Dit sal nie 'n museum wees nie, maar 'n navorsingseenheid waar die versamelde materiaal georden sal word om vir studie- en navorsingsdoeleindes beskikbaar te wees,'' sê prof. De Vries.

Die Carnegie-biblioteek beskik reeds oor 'n indrukwekkende versameling dokumente, wat die kern sal vorm vir die uitbou van die nuwe sentrum. Die manuskripte-afdeling van die bilioteek het al nagenoeg 150 eenhede, waarvan sommige baie volledig is. Dit sluit o.m. in die dokumenteversamelings van die letterkundiges N. P. van Wyk Louw, W. E. G. Louw en D. J. Opperman, wyle dr. D. F. Malan, die bekende Neethling-familie van Stellenbosch, die skryfster M. E. R., kunstenares Maggie Loubser (die Universiteit beskik ook oor 'n groot versameling van haar skilderye), en ook die dokumente van die Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging en 'n aantal belangrike Ossewa Brandwagdokumente.

'n Uitgebreide versameling van Africana-werke wat in baie jare van historiese navorsing opgebou is, bestaan ook by die biblioteek.

Om oorvleueling met die Malherbehuis in die Paarl uit te skakel, sal die dokumentesentrum hom nie toelê op dokumente uit die Eerste Afrikaanse Taalbeweging nie, sê prof. De Vries.

Die Universiteitsbibliotekaris, mnr. Flooi du Plessis, tree tydelik op as deeltydse direkteur van die nuwe sentrum. Voltydse personeellede sal mettertyd aangestel word. Mnr. Du Plessis sê die bestaande biblioteekpersoneel sal ook uit die staanspoor leiding kan gee met die uitbou van die sentrum.



Mnr. Richard Castle

Castle skenk beurse

MNR. RICHARD CASTLE, bekende sakeman van Durban en groot vriend van Stellenbosch, het R3 000 geskenk vir beurse van lede van die S.A. Polisie se kinders wat aan die U.S. studeer. 'n Beurs van R1 000 is aan elk van die volgende eerstejaarstudente toegeken: mej. Elmarie Jon (B.Sc.), dogter van sers. G. Jon van Parow; mnr. Adriaan Groenewald (hy studeer in die regte), seun van konst. J. A. Groenewald van Wellington, en mnr. J. H. Hanekom (M.B., Ch.B. I), seun van adjudantoffisier J. A. Hanekom van Bellville.

HULDIGINGSBUNDEL OORHANDIG

'n HULDIGINGSBUNDEL is 'n ruk gelede tydens 'n dinee op Stellenbosch aan een van Suid-Afrika se mees gesiene regsgeleerdes, prof. J. C. de Wet, oorhandig.

Prof. De Wet is afgetrede hoogleraar in die regte aan dié Universiteit. Benewens twee doktorsgrade wat hy aan die U.S. behaal het, is twee eredoktorsgrade — van die Universiteit van Kaapstad en die Randse Afrikaanse Universiteit — ook aan hom verleen.

Die huldigingsbundel, Festchrift, is deur die samesteller en versorger daarvan, adv. J. J. Gauntlet (hy is 'n Oud-Matie) van die Kaapstadse Balie, aan prof. De Wet oorhandig.

By dieselfde geleentheid is die eerste eksemplaar van die tot dusver ongepubliseerde opstelle van prof. De Wet, getitel Opuscula Miscellanea, bekend gestel.

Die huldigingsblyk, wat uit bydraes van prof. De Wet se oud-studente bestaan, en die Opuscula, word deur die Durbanse uitgewers van regspublikasies, Butterworths, uitgegee.

Die dinee is deur die U.S. se Fakulteit Regsgeleerdheid in medewerking met die Stellenbosse Boerewynmakery aangebied.

Prof. J. C. de Wet

Oud-Maties van '51–'60 trek saam

Mnr. Andries Esterhuyse

'n GROEP Oud-Maties wat ongeveer 'n kwarteeu gelede op Stellenbosch gestudeer het, keer op Vrydag 28 November terug vir 'n eendaagse saamtrek. Dieselfde aand is die jaarvergadering van die Konvokasie van die Universiteit.

Die saamtrek word gereël deur die Departement Ontwikkeling, en dit is vanjaar die tiende keer dat 'n groep Oud-Maties só na hulle ou Universiteit teruggenooi word. Vir vanjaar se groep (almal wat gedurende 1951 — 1960 Maties was) was daar ook in 1975 'n saamtrek in die Eikestad.

Die Universiteit probeer om aan elke Oud-Matie die geleentheid te gee om minstens een keer in vyf jaar 'n saamtrek vir oud-studente op Stellenbosch by te woon, sê die adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, wat die reëlings vir die saamtrek koördineer.

,,Só kan ons oud-studente 'n lewendige belangstelling in hulle Alma Mater behou en — soms eers weer ná baie jare — self die Universiteit besoek om te sien hoe Matieland verander en ontwikkel het, en wat steeds hier gedoen word. Dié Oud-Maties kan terselfdertyd die Rektor, vise-rektor, dekane e.a. dosente ontmoet, en met hulle oor die Universiteit gesels,'' sê mnr. Esterhuyse.

Uitnodigings vir die saamtrek op 28 November is reeds gestuur aan 3 800 mense wat gedurende 1951 — 1960 op Stellenbosch gestudeer het en oor wie se huidige adresse die Universiteit beskik, het die adjunk-direkteur gesê.

Die Administrateur van Kaapland, mnr. Gene Louw, is die geleentheidspreker by die jaarvergadering van die Konvokasie, wat ná die dag se saamtrek om 19h30 die aand in die H.B. Thom-teater gehou word, gevolg deur 'n skemeronthaal in die Langenhoven-studentesentrum. Mnr. Louw is 'n lid van die groep oud-studente wat vanjaar se saamtrek bywoon.

- Mense uit dié jare wat nie uitnodigings ontvang het nie, moet onverwyld met **mnr. Esterhuyse** in verbinding tree indien hulle die saamtrek wil bywoon. Sy adres is: **Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. Die telefoonnommer is Stellenbosch 70010.**

DRIE vooraanstaande Suid-Afrikaners wat diep spore in die geskiedenis van die Universiteit getrap het, verskyn hier saam met Staatspresident Marais Viljoen kort nadat hulle Suid-Afrika se hoogste toekenning, die Dekorasie vir Voortreflike Diens, ontvang het. Regs is prof. H. B. Thom, oud-Rektor van Stellenbosch en tans nog voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite. Links staan dr. R. L. Straszacker, voorsitter van Evkom, wat vroeër jare dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese aan die U.S. was. Langs hom is dr. A. J. A. Roux, afgetrede hoof van die Raad op Atoomkrag, en ook oud-dosent van die Fakulteit Ingenieurswese. Die foto is vroeër vanjaar in die Kasteel in Kaapstad geneem.

GARBERS W.N.N.R. SE HOOF

DR. CHRIS GARBERS, 51, oud-hoogleraar in organiese chemie aan die U.S., is op 28 Mei vanjaar aangestel as president van die W.N.N.R. in die plek van wyle dr. Chris v.d. M. Brink. Dr. Garbers het in 1958 na Stellenbosch gekom as senior lektor in organiese chemie, en het in 1966 professor geword. Op 1 Januarie verlede jaar het hy by die W.N.N.R. aangesluit as vise-president en is op 1 April vanjaar bevorder tot adjunk-president. Dr. Garbers het in sy loopbaan uitsonderlike bydraes op die gebied van chemiese navorsing gelewer en het o.m. die Havengaprys vir chemie in 1977 ontvang. Hy is outeur van 46 oorspronklike wetenskaplike publikasies en vyf populêre wetenskaplike artikels.

Brig. Shylock Mulder voer nou bevel

DIE nuwe bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha (wat ook die Universiteit se Fakulteit Krygskunde insluit) is 'n toonbeeld van die soort soldaat wat Suid-Afrika se vyande aan die praat — en die retireer het.

Brigadier Shylock Mulder, SM, is 'n man met durf, dryfkrag en deursettingsvermoë, en sy fiksheid sal menige jonger manne verstom laat. Hy is sedert begin vanjaar bevelvoerder van die Akademie.

Brig. Mulder is op Roodepoort gebore, het in die Bosveld (Noord-Transvaal) grootgeword, en is die afgelope 20 jaar reeds beroepsoldaat. Hy is een van die offisiere wat in 1975/76 aan die Angolaveldtog deelgeneem het.

Die brigadier en sy vrou Elreza (sy is 'n Oud-Matienooi) het vier seuns, Francois, 12, Frikkie, 10, Ferdie, 8, en Fanie, 6. Die egpaar sê hulle geniet Saldanha en hoop om nog lank daar te bly.

KENNEDY JR. BESOEK KAMPUS

Mnr. John Kennedy, seun van wyle pres. John F. Kennedy van Amerika, het die kampus van die Maties in Julie besoek en met 'n groep van sowat 30 studenteleiers samesprekings gevoer. Hy het ook met die Rektor, prof. Mike de Vries, in sy kantoor tee gedrink en dit is waar dié foto geneem is. V.l.n.r. prof. De Vries, mnr. Kennedy en mnr. Julian Melck, SR-lid van die Maties. Mnr. Kennedy, 19, is 'n eerstejaarstudent aan die Browne-Universiteit van Rhode Island.

AANVULLENDE PLEGTIGHEID

Hierdie elf doktorandi was op 6 Maart onder 598 studente aan wie Stellenbosch op die aanvullende plegtigheid grade en diplomas verleen het. Hulle is voor v.l.n.r. drr. R. E. Bishton (D.B.A.) G. S. van der Merwe (D.Litt.), S. J. H. Claassens (D.Litt.), J. C. Coetzee (D.Ed.) en M. le Roux (Ph.D.). Agter v.l.n.r. drr. F. R. G. Gerischer (Ph.D.), T. W. von Backström (Ph.D.), P. J. C. Stassen (Ph.D.), J. A. Stander (Ph.D.), P. L. Jooste ((Ph.D.) en J. C. Steyn (D.Ed.). Twee senior spraakhulpe aan die Universiteit, mnre. Richard Malinga (links op foto) en Eli Mputa, het albei 'n M-graad in Bantoetale verwerf. Hulle is die eerste swartes wat meestersgrade aan die U.S. behaal en die eerste swartes in die land wat meestersgrade in Bantoetale verwerf het.

Meyer vertrek

Dr. P. S. Meyer, lid van die Raad van die Universiteit en gewese direkteur van Onderwys in Kaapland, is sedert 1 Julie Adjunkdirekteurgeneraal van Nasionale Opvoeding in Pretoria. Hy was ses jaar onderwysbaas in Kaapland. Dr. Meyer het op Stellenbosch studeer waar hy ook 'n doktorsgraad in die opvoedkunde verwerf het.



HERTZOGPRYSWENNER

Die prys wat iedere Afrikaanse skrywer wil wen, die jaloerse prys, die Hertzogprys, is vanjaar die vierde keer aan prof. Dirk Opperman, afgetrede hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die U.S. toegeken. Sy gevierde bundel, Komas uit 'n Bamboesstok, is met dié gesogte prys bekroon. Sy debuutbundel, Heilige Beeste, en twee dramas, Periandros van Korinthe en Voëlvry, is ook met die Hertzogprys bekroon. Prof. Opperman se Komas uit 'n Bamboesstok het vanjaar al die belangrike literêre toekennings ontvang — ook die C.N.A.-prys en die Louis Luyt-prys. In dieselfde week wat hy met die Hertzogprys bekroon is, het die Universiteit van Kaapstad 'n eredoktorsgraad aan hom verleen.

OUD-MATIES IN DIE NUUS



Dr. Willem Vosloo, dosent in veekunde aan die U.S., wat in April vanjaar by die jaarkongres van die S.A. Vereniging vir Diereproduksie (S.A.V.D.P.) dié vereniging se silwermedalje vir navorsing en voorligting ontvang het en verkies is tot voorsitter van die S.A.V.D.P. Die kongres is by die U.S. gehou.



Dr. T. W. de Jongh, president van die Reserwebank, is nog 'n Oud-Matie wat geskiedenis gemaak het. Dr. De Jongh het die eerste Suid-Afrikaner geword wat verkies is tot ondervoorsitter van die invloedryke Internasionale Bankiersvereniging. Stellenbosch het op 7 Desember 1978 'n eredoktorsgraad (D.Comm.) aan dr. De Jongh verleen.



Prof. Julius Jeppe, hoof van die Departement Ontwikkelingsadministrasie op Stellenbosch, wat deur die president van Bophutatswana aangestel is as lid van 'n kommissie van ondersoek na die politieke struktuur in daardie land, veral met verwysing na plaaslike en streeksregering.

Regs: Die bekende Oud-Matie en een van Suid-Afrika se voorste sakemanne, mnr. Jan Pickard, het in Mei vanjaar slegs die derde persoon geword aan wie die Tinie Louw-toekenning van die Afrikaanse Handelsinstituut gedoen is. Hier ontvang mnr. Pickard die toekenning van Oud-Matie dr. Martin van den Bergh, uittredende president van die A. H. I. Dié toekenning word gedoen vir buitengewone prestasies in die sakewêreld.

Die sewende Herfsskool van die Universiteit word aanstaande jaar van 30 Maart tot 2 April gehou. Dit vind plaas in die Onderwysblok van die Fakulteit Geneeskunde op Parowvallei. Besonderhede oor die program sal in Desember bekend wees.

Navrae kan gerig word aan die Organiseerder, Universiteitskantoor, Stellenbosch 7600. Die tel. no. is 2222 (bylyn 34).

Links: Hierdie Oud-Matie het op 8 Augustus vanjaar Volkskas se nuwe baas geword. Dr. André du Toit, voorsitter van die K.W.V., is tot voorsitter verkies in die plek van dr. Jan Hurter. Hy is sedert 1960 lid van die direksie. Dr. Du Toit, wat op 7 Maart 1914 op Tulbagh gebore is, het die grade B.Sc. en M.Sc. (in landbou) cum laude op Stellenbosch verwerf. Die U.S. het ook 'n eredoktorsgraad aan hom verleen.

Regs: Mnr. M. G. Loubser, wat die graad B.Comm. in 1945 aan die U.S. verwerf en in 1970 uitgetree het as hoogleraar in die Departement Rekeningkunde, het die eerste Oud-Matie geword wat verkies is tot voorsitter van die Transvaalse Genootskap van Geoktrooieerde Rekenmeesters. Sowat 60% van die ongeveer 9 000 geoktrooieerde rekenmeesters in Suid-Afrika is lid van dié genootskap.

'N STELLENBOSCH MBA. DIT SAL MOONTLIK DIE WINSGEWENDSTE BELEGGING WEES WAT JY OOIT MAAK.

Dit vereis 'n hoë mate van vaardigheid om staande te bly in die gesofistikeerde en mededingende sakewêreld van vandag. Daarom moet jy voorbereid wees. Voorbereid sodat jy 'n dinamiese en professionele bestuurder kan word wie se opleiding en bestuursvernuf kan bydra tot die ontwikkeling van die moderne organisasie van vandag en jou eie toekoms. En dis presies wat die Stellenbosch MBA jou bied. 'n Intensiewe program wat ontwerp is om jou 'n deeglike begrip te gee van die jongste sakekonsepte op nasionale en internasionale gebied.

Maar dit beklemtoon die praktiese toepassing van hierdie konsepte in die Suid-Afrikaanse sakewêreld.

Om jou in staat te stel om hulle op praktiese wyse toe te pas op alledaagse Suid-Afrikaanse sakeprobleme.

Wat meer is, die Stellenbosch MBA is nie slegs 'n multi-nasionale kursus nie, maar die enigste tweetalige program van sy soort in die land. Dit is 'n deurslaggewende faktor in Suid-Afrika. Dit bied jou ook die geleentheid om vrylik gedagtes te wissel met die toplede van beide die Afrikaans- en Engelssprekende sakegemeenskappe.

Dinamiese Suid-Afrikaanse en buitelandse dosente, wat beskik oor uitgebreide praktiese ondervinding, asook praktiserende sakelui, sal help om jou analitiese bestuursvaardighede te ontwikkel en jou potensiaal te verwesenlik.

Die Stellenbosch MBA is ook die enigste program in Suid-Afrika wat 'n spesiale Entrepreneurskapkursus insluit vir die voornemende entrepreneur.

Hierbenewens is 'n groot voordeel van die Stellenbosch MBA dat jy die keuse het om die kursus voltyds in een jaar of deeltyds in twee jaar te voltooi, plus 'n tegniese verslag of gevorderde kursus.

Die deeltydse program stel jou in staat om te werk en terselfdertyd te studeer deur aandlesings by te woon.

Toelating tot die kursus berus nie noodwendig op 'n universiteitsgraad nie. Matrikulante met 'n goeie beroepsrekord kan ook aansoek doen vir toelating tot 'n gevorderde diplomakursus.

Die MBA-kursus vir 1981 begin op 19 Januarie en eindig op 9 Desember.

Neem die eerste stap om 'n belegging in jou toekoms te maak deur te skryf vir 'n gratis gedetailleerde brosjure van die Stellenbosch MBA-program vir 1981 aan:

Die Direkteur
Nagraadse Bestuurskool
Universiteit van Stellenbosch
Posbus 1058 OAKDALE 7534
Telefoon: Kaapstad 97-8315/97-5761.

Dit sal moontlik die winsgewendste belegging wees wat jy ooit maak.

NAGRAADSE BESTUURSKOOL UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH



BELÊ IN JOU TOEKOMS MET 'N MBA VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BESTUURSKOOL.

DM&M (Kaap) CA 2061/A

Divan Serfontein

Matierugby se nuwe 'Bokke

NOMMERS 110, 111 en 112 — dis Willie du Plessis, Rob Louw en Divan Serfontein, jongste toevoegings tot die indrukwekkende lys Springbokrugbyspelers uit die Matiekamp. Senter Willie du Plessis was terloops Springbok no. 500!

Willie en Rob het hulle Springbokkleure teen die Suid-Amerikaners van Hugo Porta verwerf en Divan het Springbok geword teen Bill Beaumont se Leeus. Du Plessis en Louw het albei 'n graad in liggaamlike opvoedkunde op Stellenbosch verwerf. Serfontein het hom as geneesheer aan die U.S. bekwaam.

Van die drie was net Du Plessis nog 'n lid van die Matiespan toe hulle die groen en goud verwerf het. Sedert begin vanjaar is Louw en Serfontein in die Weermag. Du Plessis het in Julie met sy diensplig begin.

Rob Louw en Willie Du Plessis het in 1973 aan die Cravenweek op Stellenbosch deelgeneem — Louw vir W.P. en Willie vir N.O.K. Divan Serfontein se tuisdorp is Vanderbijlpark in Transvaal.

Rob Louw is sedert begin vanjaar in die Vloot (Staandemag). Hy is op Wingfield in Kaapstad sportoffisier en is sover bekend die eerste dienende lid van die Vloot wat rugby-Springbok geword het. Op die foto word Louw deur die Hoof van die Vloot, vise-admiraal Ronnie Edwards, gelukgewens. Links staan skout-admiraal P. A. H. Tomlinson, ook 'n groot rugbygeesdriftige. Admiraal Tomlinson is Vlagoffisier-in-Bevel van Vlootkommandement Operasies. Die foto is by Maritieme Hoofkwartier op Silwermyn geneem. (foto: Paratus)



Die 110e Springbokrugbyspeler uit Matieland, Willie du Plessis, ontvang sy graad in liggaamlike opvoedkunde van die Kanselier van die Universiteit, dr. B. J. Vorster. Die foto is in Maart op die U.S. se aanvullende grade- en diplomaplegtigheid geneem. Du Plessis is kort daarna aangewys as lid van die Springbokspan teen die Jaguars van Hugo Porta.

OUD-MATIES BYEEN

OUD-Maties het in die afgelope paar maande op verskeie plekke in die land saamtrekke gehou.

Op Lichtenburg was daar op 23 Februarie 'n saamtrek waar die aanwesiges toegespreek is deur mnr. Andries Esterhuyse, die U.S. se adjunk-direkteur van Ontwikkeling. Die samekoms is in 'n plaaslike hotel gehou en daar was ook ouers van huidige Maties teenwoordig. Mnr. Esterhuyse het hoofsaaklik oor ontwikkelinge aan die U.S. gesels.

Sowat 120 Oud-Maties het op 21 Maart op George byeengekom. Daar is tot laataand heerlik braaivleis gehou op die terrein van die Gevangenisdiens. Die vise-rektor, prof. Roux de Villiers en sy vrou, Hannetjie, was die eregaste. Mnr. Tex de Swardt van die Departement Ontwikkeling, wat vir dié gebied verantwoordelik is, het sy dank teenoor die Oud-Matieskakelkomitee daar uitgespreek. Hy sê hulle is 'n klomp mense wat hulle raakvat ken!

Nog 'n saamtrek waaraan mnr. Tex de Swardt 'n aandeel gehad het, was een wat op 30 April vanjaar op Springbok gehou is. Dit was sommer 'n heerlike, groot affêre! Daar was sowat 250 Oud-Maties en ouers van huidige studente byeen en die geselligheid is gehou in die landboutentoonstellingsaal. Die braaivleisvure het tot laatnag geknetter. Die aanwesiges is toegespreek deur die Rektor, prof. Mike de Vries. Dit was hy en sy vrou, Renée, se eerste besoek aan Namakwaland.

Die Rektorspaar het ook besoek gebring aan die O'Okiep-kopermyne. Dit is vir hulle gereël deur die hoofbestuurder, mnr. Phillip, ook 'n Oud-Matie.

Benewens die Rektor en mev. De Vries is die saamtrek op Springbok ook bygewoon deur die Universiteit se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard.

Die Oud-Maties op Springbok is terloops 'n op en wakker klomp. Hulle reël gereeld onder mekaar bymekaarkomste en by sulke geleenthede word daar glo gate in die nag gesels.

Mnr. Tex de Swardt sê niemand kon vir 'n beter georganiseerde saamtrek gewens het as juis dié een van 30 April waar die Rektor teenwoordig was nie. Hoe lui die gesegde nou weer ...? Geluk is om te kan byeenkom waar 'n Matiegees heers ...

Op die vooraand van die rugbybotsing tussen die Maties en die Tukkies het ongeveer 500 Oud-Maties in die Yskorklub in Pretoria saamgetrek ,,om in die regte stemming te kom vir die volgende dag.'' Die Rektor, prof. Mike de Vries, het 'n kort boodskap gebring en daarná het almal geskoffel op die maat van die puik orkes van Miranda Visser ('n Oud-Matienooi). Dié vrolikheid het ,,na wat berig word'' tot in die vroeë oggendure voortgeduur! Die Pretoriase samekoms is bygewoon deur Oud-Maties uit alle dele van die land, selfs van plekke soos Karino, Steelpoort en De Doorns.

Die Universiteit het vroeër vanjaar 'n fondsinsamelingsveldtog van stapel laat loop op Keimoes en omgewing. Al die lede van die Oud-Matieskakelkomitee het by geleentheid vergader om te luister na die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Hy het gepraat tydens 'n geselligheid in 'n plaaslike hotel.

Mnr. Haas Kruger, senior ontwikkelingsbeampte van die Universiteit wat die veldtog koördineer, het ook die geselligheid bygewoon. Mnr. Kruger kan nie uitgepraat raak oor die wonderlike gesindheid van oudstudente en ouers van studente in dié omstreke nie.

Lichtenburg

Dié foto is op die saamtrek op Lichtenburg geneem. Agter v.l.n.r. mnre. Theo Andrag, Pieter du Toit, Bouwer du Preez, dr. Andries Scholtz, mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die Departement Ontwikkeling, mnr. Tienie Kotzé, mnr. Johan de Swardt en ds. Dirk de Swardt (voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee). Middelste ry v.l.n.r. mev. Sophia Scholtz, mev. Sylvia du Preez, mej. Erica Scholtz, mev. Dalene du Toit en mev. Isobel Kotzé. Voor sit mejj. Heloïse, Mariëtte en Annalize de Swardt.

George

'n Groepie jonger Oud-Maties wat die saamtrek op George baie geniet het, is v.l.n.r. mejj. M. Botha, P. Theron, E. Ferreira, H. Maree, S. Ross, mnr. A. T. Ross en mev. A. de Bod.

Kyk net hoe heerlik ontspan die Oud-Maties van George. V.l.n.r. mnr. en mev. Brand, mev. T. Rheeder en mev. en mnr. J. Basson.

Mnr. Tex de Swardt van die U.S. (agter links) gesels met mnr. James Moolman wie se dogter, Marietjie, die vise-rektor se sekretaresse is. Voor sit v.l.n.r. kapt. Bruwer (Vroueleërkollege) en mevv. J. Moolman, E. Herbst, K. Jansen en G. Gericke. Mev. Gericke is terloops die eerste student aan wie 'n graad in die liggaamlike opvoedkunde op Stellenbosch toegeken is. Sy is 'n dogter van wyle dr. Karl Bremer.

Mev. en mnr. Tommy Ross (links) is hier saam met die Universiteit se vise-rektorspaar, prof. en mev. Roux de Villiers. Prof. Roux-hulle was die aand die eregaste. Mnr. Tommy Ross het pas uitgetree as voorsitter van die Oud-Matieskakelkomitee op George — 'n taak wat hy die afgelope 15 jaar behartig het.

Springbok

Die saamtrek op Springbok was 'n puik geselligheid. Hoe heerlik word daar nie hier weggeval aan al daardie enorme hoeveelhede kos nie . . . V.l.n.r. mnr. Johan Marais, mnr. Piet Lombard, direkteur van Ontwikkeling, mev. Marais, mnr. Andries Schreuder, mev. De Vries, prof. Mike de Vries, die U.S. se Rektor, mev. Elise Schreuder en mnr. Tex de Swardt van die Departement Ontwikkeling.

Die here links op dié foto het handdoek ingegooi maar van die dames pik-pik nog . . . v.l.n.r. mnre. Pannetjie Rossouw, Bobby Beukes en Paul Marais, mev. Annatjie van Niekerk, mnre. Johan van Niekerk, Bert Packham en Peter Phillip, mev. Packham, mev. Marietjie Beukes en — met haar rug na die kamera — mev. Rossouw.

Ai ai, hoe heerlik word daar hier agteroorgesit na die smaaklike eetgoedjies. V.l.n.r. mnr. Johan Loubser, dr. Van Vuuren, mev. Estelle Genis, mnr. Louis Genis, mev. Van der Spuy, ds. Mel van der Spuy, mnr. Jassie Kotzé en sy vrou Bettie (albei met die rug na die kamera gekeer) en mev. Tes Bruwer.

Nog 'n groepie wat die saamtrek op Springbok geweldig geniet het. V.l.n.r. mevv. Lulu Esterhuizen en Nelmarie Theron, mnre. André Herbst en André Botes, mevv. Bettie Rossouw en Marietjie van Niekerk, mnre. Paul Theron en Willem Esterhuizen en mev. Marianne Herbst.

Pretoria

'n Foto geneem tydens die geselligheid in die Yskorklub in Pretoria op die vooraand van die rugbykragmeting tussen Maties en Tukkies. V.l.n.r. kolonel Siegfried de Jong en sy vrou Elma, mnr. Willem Dreyer van die Departement Ontwikkeling se kantoor in Johannesburg, wat 'n groot aandeel gehad het in die reëlings van die funksie, mev. Renée en prof. Mike de Vries, Rektorspaar van Stellenbosch.

Twee paartjies wat baie kilometer afgelê het om die geselligheid in die Yskorklub op 16 Mei by te woon. Links staan mnr. en mev. N. Deetlefs van Karino naby Nelspruit en regs is mev. en mnr. W. Visser van Steelpoort.

Keimoes

Mnr. P. J. Lombard, die U.S. se direkteur van Ontwikkeling, aan die woord tydens die vergadering van die Oud-Matieskakelkomitee op Keimoes. Regs van hom sit mnr. J. D. Visser, voorsitter van die skakelkomitee.

Nog 'n foto wat die aand op Keimoes geneem is — mnre. G. G. Coetzee, J. W. J. van der Westhuizen, C. G. Geldenhuys en A. D. (Haas) Kruger (van die Departement Ontwikkeling) luister aandagtig na wat mnr. Piet Lombard sê.

BYFEES • RUGBYFEES • RU

FEESRUGBY en feesvieringe was in Maart vanjaar die wagwoord toe die honderdjarige bestaan van die Rugbyklub Stellenbosch — die grootste in die wêreld — op luisterryke wyse gevier is.

Hoogtepunte was volop. Veral die drie feeswedstryde het groot aandag geniet. En dan was daar natuurlik die afsluitingsdinee. Dit was 'n historiese samekoms van rugbylui. Daar was o.m. 21 Springbokke, insluitende vier kapteins, onder die groot aantal gaste wat vir 'n ware feesmaal in die Langenhoven-studentesentrum aangesit het. By dié geleentheid is eerbewyse oorhandig aan verskeie van die beroemde draers van die groen en goud wat hulle rugby in Matieland geleer het.

Die grondleggers van Matierugby is ook nie vergeet nie. 'n Kranslegging het die middag in die Stellenbosse begraafplaas by die grafte van Oubaas Markötter en Paul Roos, skepper van die naam Springbok, plaasgevind.

Nog 'n hoogtepunt was die eeufeesjaarvergadering wat in die D.F. Malan-gedenksentrum gehou is. Dit het die dinee voorafgegaan.

Die drie feeswedstryde is op 15, 22 en 29 Maart in die Danie Craven-stadion gespeel. Die was 'n rugbydis soos min, en die toeskouers is vergas op aanskoulike en opwindende rugby.

Die hoofwedstryd op 15 Maart was tussen die Maties en die S.A. Barbarians, en die Maties het 22-10 gewen. Die volgende Saterdag het die sterk klubspan van Buenos Aires, San Isidro, teen die Maroentruie kragte gemeet. Dit was 'n goeie wedstryd en die Maties het 36-22 gewen.

Op 29 Maart — die dag na die geskiedkundige samekoms in die Langenhoven-studentesentrum — was daar

eintlik twee hoofdisse op die program. Die Maties het teen die Club Universitario de Buenos Aires (Cuba) — 'n universiteitspan — gespeel, en 'n span Oud-Maties het kragte gemeet teen die Transvaalse Rooibokke. (Lg. is eintlik Transvaal se B-span).

Die Maroentruie het 'n wegholoorwinning van 43-3 behaal teen Cuba en dié wedstryd sal veral onthou word vir die skitterspel van die jong Carel du Plessis, 'n jonger broer van Springboksenter, Willie. Die Oud-Maties het met ondernemende rugby vorendag gekom en ondanks die verlies van Dawie Snyman sommer vroeg-vroeg in die wedstryd as gevolg van 'n dyspierbesering, het hulle met 39-30 gewen. Dawie Snyman is op losskakel vervang deur David Dunn wat van die pawiljoen geroep is waar hy 'n toeskouer was!

Die Rugbyklub Stellenbosch se eeufeesvieringe is 'n mylpaal in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby. Dit sal in die annale opgeteken word in goue letters veral omdat Stellenbosch se bekende en geliefde Dok Craven in dieselfde jaar die 25e agtereenvolgende keer as Suid-Afrika se rugbybaas herkies is. Hy is onbestrede benoem in dié pos soos al dikwels die afgelope kwarteeu. Dok het nog net een jaar nodig om die rekord vir die langste termyn as voorsitter van die Raad te ewenaar — dit is die 26 jaar wat wyle mnr. Sport Pienaar gedien het.

Baie van die Springbokke en oud-Springbokke wat die Rugbyklub se feesverrigtinge bygewoon het, is deur Dok gebrei en tot Springbokstatus gelei. Dok is terloops sedert 1957 voorsitter van die Maties se klub en sedert 1963 beklee hy die dubbele amp van voorsitter en lewenslange president.

'n Historiese Foto

'n Historiese foto op 'n historiese geleentheid ... die 21 Springbokke uit Matiewieg wat op 28 Maart die eeufeesdinee op Stellenbosch bygewoon het. Voor v.l.n.r. Willem Delport, Ben du Toit, Flappie Lochner, Danie Craven, P. K. Morkel, Tjol Lategan, Jan Pickard en Butch Lochner. Agter in die gewone volgorde Jan Boland Coetzee, Haas Schoeman, Jannie Engelbrecht, Avril Malan, James Starke, Piet van Zyl, Morné du Plessis, Piet du Toit, Abe Malan, Jan du Preez, Jackie Snyman, Robbie Blair en Dawie Snyman.

BYFEES • RUGBYFEES • RU

Links: Die hoofwedstryd in die laaste naweek van rugbyfeesvieringe was dié tussen 'n Oud-Matiespan en die Transvaalse Rooibokke en hierdie foto is geneem tydens 'n beweging aan Oud-Matiekant wat op 'n pragdrie uitgeloop het. Die „ou manne" van die Maties het Transvaal se B-span (want dit is wat die Rooibokke eintlik is) met 39 punte teen 30 geklop.

Onder: Die Maties in aksie teen San Isidro, top-klubspan van Suid-Amerika. Die kragmeting teen die Suid-Amerikaners was die tweede groot feeswedstryd op die Danie Craven-stadion ter herdenking aan die honderdjarige bestaan van die Rugbyklub Stellenbosch. (Maties het 36-22 gewen.) In die eerste feeswedstryd het die Maties die S.A. Barbarians met 22 punte teen 10 geklop.

GBYFEES • RUGBYFEES • R

Die voorsitter en lewenslange president van die Rugbyklub Stellenbosch, dr. Danie Craven, neem die kranslegging waar by die graf van Oubaas Markötter, een van die gootste grondleggers van Matierugby. Dok het ook 'n krans gelê op die graf van die beroemde Paul Roos.

Rugby se internasionale staatsman ontvang sy eeufeestoekenning van oud-Rektor, prof. H. B. Thom, beskermheer van die Rugbyklub. Die motivering vir die toekenning aan dr. Craven, as een van vyf man wat die afgelope 100 jaar die meeste tot Matierugby bygedra het, is deur prof. Thom gelewer. ('n Eerbewys is ook aan prof. Thom oorhandig.)

Die Rugbyklub Stellenbosch het op die eeufeesdinee vyf goue medaljes toegeken aan die mense wat volgens die oordeel van die klub die grootste bydrae tot Matierugby gemaak het oor die afgelope 100 jaar. Hier is vier van die ontvangers van die medalje. Hulle is v.l.n.r. mnr. James Starke, wat 13 jaar kaptein was; mev. Babs Beyleveld, dogter van Oubaas Mark, een van die grootste afrigters; dr. Danie Craven, voorsitter van die klub; en mnr. Piet Roos, seun van Paul Roos, Springbokkaptein. Die vyfde goue medalje is toegeken aan dr. Dawie de Villiers, S.A. ambassadeur in Londen, en gewese Matie- en Springbokkaptein. Die medaljes is elk sowat R1 000 werd.

Vier van Matieland se tien Springbokrugbykapteins het die eeufeesdinee in die Langenhoven-studentesentrum bygewoon. V.l.n.r. Avril Malan, Danie Craven, Morné du Plessis en Abe Malan.

Suid-Afrika se huidige Springbokkaptein, Morné du Plessis, het ook 'n eerbewys ontvang. Hier word dit aan hom oorhandig deur prof. Jannie de Villiers, gewese Rektor van die Maties en ook beskermheer van hulle Rugbyklub. Morné du Plessis het ses jaar in die Maroentrui van die Maties gespeel en is die tiende speler uit Matiegeledere wat die groen en goud se kaptein geword het.

Die Rugbyklub het ook toekennings aan verskeie rugby-administrateurs gedoen. Hier ontvang mnr. Jannie Krige, 'n man wat deur die jare diep spore in Matierugby getrap het, syne van die Universiteit se vise-rektor, prof. Roux de Villiers. Prof. De Villiers is ook 'n beskermheer van die Rugbyklub.



Oud-Matie Jan Horn, voorsitter van die Noord-Vrystaatse Rugbyunie, ontvang 'n toekenning van prof. Roux de Villiers.



Die nimlike prof. Bun Booyens was die aand met die eeufeesdinee seremoniemeester . . . en het hy hom nie skitterend van sy taak gekwyt nie. Hier het hy pas weer een van sy talle kwinkslae laat hoor.

ACADEMIC EXCHANGE PROGRAMME WITH ISRAEL

Prof Andries Nel

THE University of Stellenbosch will soon start an extensive academic exchange programme with several universities and a technion in Israel.

Making this announcement at Stellenbosch recently, the Rector Prof Mike de Vries, said he was delighted that a mutual undertaking of this nature was soon to become a reality.

Stellenbosch would exchange lecturers and know-how with the University of Haifa, the University of Tel Aviv, the Ben Gurion University of the Negev, the Hebrew University in Jerusalem and the Technion in Haifa — the latter is often referred to as Israeli's M.I.T. (Massachusetts Institute of Technology). Prof De Vries said the whole matter had already been discussed at the highest level at the University and that the necessary decisions for implementation had been taken. The Principals of the four universities and the technion were approached some time ago and all had indicated that they were prepared and "most keen" to institute an exchange programme with Stellenbosch.

"Naturally we would like to commence our exchanges on a vast scale because our Israeli colleagues at the four universities and the technion are as keen as we are, but unfortunately this will not be possible due to a lack of funds," Prof De Vries added. he said exchanges would start gradually, and as more funds become available "things would expand."

Prof De Vries continued: "The idea is that academics on exchange should receive the same remuneration but there are certain disadvantages which have to be taken into account. Travelling fees, for instance, is a matter for which additional finance has to be found before one can start talking about an academic leadership exchange programme in the true sense of the word."

The Rector had high praise for Prof Andries Nel, Dean of the Faculty of Arts at Stellenbosch. He described him as "the man who had done most of the spade-work to make this exchange programme a reality." Prof De Villiers also thanked his predecessor, Prof Jannie de Villiers, for the role he had played in this regard.

During an extensive visit to Israel last year, Prof Nel conferred with several University Presidents, Vice-Presidents, Principals, Deans, Heads of Departments, professors and lecturers. In all he had 70 appointments to meet.

Apart from being instructed to investigate the feasibility of the establishment of an academic exchange programme, Prof Nel was also asked to look into a variety of administration procedures as applied at universities in Israel and to learn more of the financing and administration of research centres at these universities.

Prof Nel says the idea of an academic exchange programme was greeted with great enthusiasm everywhere. "It is abundantly clear that as far as the necessity of such an exchange is concerned we are on the same wave length as our Israeli counterparts," he explained.

Prof Nel continued: "Fact is both Israel and South Africa are toiling under extreme pressures. Further fact is that the peoples of a country being pressurised exert their intellectual ability and initiatives to the extreme. In doing so they achieve unparalleled success and develop skills in various fields, especially in the applied sciences such as engineering and agriculture, which, under normal circumstances, would never have been accomplished. But, major fact is: Israel and South Africa desperately need each others skills."

VAN ONS DONATEURS

Safmarine het op 10 Junie vanjaar 'n groot skenking aan die Universiteit gedoen. Drie tjeks met 'n gesamentlike waarde van R14 500 is aan die U.S. oorhandig. Op die boonste foto ontvang skout-admiraal J. R. Nortier (links), gewese hoof van logistiek van die S.A. Vloot en tans deeltydse senior lektor in meganiese ingenieurswese aan die U.S., 'n tjek van R10 000 van mnr. M. de W. Marsh, besturende direkteur en hoofuitvoerende beampte van Safmarine. Regs staan Safmarine se groephoofbestuurder (marine-afdeling), kapt. A. W. Bluett, en langs hom prof. Vos Hattingh van die Departement Meganiese Ingenieurswese op Stellenbosch. Prof. Hattingh is saam met admiraal Nortier verantwoordelik vir die beplande oprigting van die laboratorium vir skeepsboukundige ingenieurswese aan die U.S. Die geld sal aangewend word vir 'n sleeptenk waarin die rompe van skepe gebou en getoets word.



Op die middelste foto oorhandig mnr. Marsh Safmarine se bydrae (R3 000) vir vanjaar aan die U.S. se Eeufeestrustfonds aan mnr. Henry Visser, assistent-direkteur in die Departement ontwikkeling. Mnr. J. J. Jurgens, hoofbestuurder en groepsekretaris van Safmarine, is die derde persoon op die foto.

Safmarine het ook R1 500 aan die U.S. se Buro vir Ekonomiese Ondersoek gegee en op die onderste foto ontvang 'n dankbare mnr. Attie de Vries, adjunk-direkteur van die Buro, 'n tjek vir dié bedrag van mnr. Marsh. Die here links en regs op die foto is mnre. G. M. Fullerton en M. J. Finlay, albei groephoofbestuurders van Safmarine.

Caltex Olie (S.A.) (Edms.) Bpk. het in die afgelope maande ook groot bedrae geld aan die Universiteit geskenk. Sedert November verlede jaar het Caltex nie minder nie as R32 000 gegee. Die foto bo is in Mei vanjaar geneem toe mnr. J. K. Lebides, Caltex se bestuurder vir Kaapland en Suidwes-Afrika, 'n tjek van R15 000 aan die Rektor, prof. M. J. de Vries, oorhandig het. Dit was die tweede paaiement van 'n bedrag van R25 000 wat Caltex vir die U.S. se beoogde satellietkampus op Durbanville geskenk het — die eerste R10 000 is reeds in November verlede jaar aan die universiteit gegee.

Op die middelste foto ontvang die Universiteit se direkteur van Ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard, 'n tjek van R5 000 van mnr. Lebides—Caltex se bydrae aan die Eeufeestrustfonds. (Die vorige tjek van Caltex aan dié fonds was R2 000 en is einde verlede jaar oorhandig.) Mnr. B. S. Drummond, die oliemaatskappy se tegniese verkoopsbestuurder, staan langs mnr. Lombard.

Die Stedelike Stigting het besluit om R20 000 aan die U.S. se Nagraadse Bestuurskool (N.B.S.) te skenk en die eerste tjek is reeds oorhandig. Die geld sal aangewend word vir die bestryding van die koste van voorsiening en koördinering van adviserende dienste aan klein sakelui deur die N.B.S. se Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese. Dié foto is geneem toe die eerste tjek van R10 000 deur regter Jan Steyn (tweede van links), direkteur van die Stedelike Stigting, tydens 'n noenmaal op Stellenbosch aan die Rektor, prof. Mike de Vries, oorhandig is. Mnr. Tom Mandla, president van die Western Province Africa Chamber of Commerce (regs) en prof. Helgaard Muller, direkteur van die N.B.S., het ook die noenmaal bygewoon.

VAN ONS DONATEURS

The Institute for Cartographic Analysis at the University of Stellenbosch is compiling an economic atlas of South Africa, which they hope to publish next year. Mr Jack Esterhuisen, Cape regional manager of Standard Bank, recently presented a R14 000 cheque on behalf of his bank to the rector of the University, Prof. Mike de Vries (second from left). Looking on are Dr I. J. van der Merwe (left), editor of the atlas and director of the Institute for Cartographic Analysis, and Mr B. J. Willemse, Standard's branch manager at Stellenbosch. The economic atlas will depict the gross geographic product, agriculture, mining and commerce, as well as the building, manufacturing and motor industries. The maps in the atlas are reproduced by computer, and will be published in colour.

Boland Bank se bestuurder op Stellenbosch, mnr. Bert Myburgh (regs), en die sekretaris van dié tak, mnr. A. J. van Rooyen (tweede van links), oorhandig elk 'n tjek van R350 aan prof. Jan Sadie, direkteur van die U.S. se Buro van Ekonomiese Ondersoek, en mnr. H. S. Visser (links), assistent-direkteur van die U.S. se Departement Ontwikkeling. Die geld is Boland Bank se jaarlikse bydrae aan die Buro en die Eeufeestrustfonds.

Mnr. Frans Dekker (middel), streekbestuurder van Ou Mutual op Stellenbosch, oorhandig aan prof. Jan Sadie, direkteur van die Buro van Ekonomiese Ondersoek op Stellenbosch, 'n tjek van R3 000. Links staan dr. Philip Spies, hoof van die Buro se Eenheid vir Toekomsnavorsing aan wie Ou Mutual ook 'n tjek van R3 000 oorhandig het. Ou Mutual se skenkings aan die Universiteit van Stellenbosch beloop deur die jare reeds meer as R100 000.

Die skakelfirma, McKinstry, Schönfeldt en Vennote het R3 500 aan die Departement Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van Stellenbosch geskenk vir die aankoop van woordeboeke en die opbou van 'n basiese biblioteek vir die nuwe nagraadse kursus in vertaalkunde wat van die begin van vanjaar deur dié departement aangebied word. Met die oorhandiging van dié tjek aan die Rektor van die U.S., prof. M. J. de Vries, is hier, van links af: prof. J. G. H. Combrink, hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, mnr. G. Kroes, wat vir die aanbieding van die kursus verantwoordelik is, prof. De Vries, wat die tjek in ontvangs neem van mnr. D. J. H. Schönfeldt, die voorsitter van McKinstry, Schönfeldt en Vennote, en prof. A. Nel, die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Die Southern Trident Bouvereniging het besluit om R1 250 oor 'n tydperk van vyf jaar aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds te skenk. Hier oorhandig Southern Trident se Kaapstadse bestuurder, mnr. A. C. McCrindle, die eerste tjek van R250 aan mnr. H. S. Visser, assistent-direkteur in die U.S. se Departement Ontwikkeling.

Volkskas lewer reeds die afgelope aantal jare 'n ruim bydrae tot die Eeufeestrustfonds van die Universiteit. Die bestuurder van Volkskas op Stellenbosch, mnr. F. J. J. Brand, het onlangs weer 'n tjek van R2 000 aan die Rektor, prof. M. J. de Vries, oorhandig. Hier is v.l.n.r. prof. De Vries, mnr. Brand en die vise-rektor, prof. J. W. R. de Villiers.

Prof. Behrens (regs) en die skrywer van hierdie artikel, Frits Stegmann, se samewerking strek oor 25 jaar. Hier is hulle verlede jaar saam by 'n onthaal vir Mimi Coertse op Stellenbosch.

RICHARD

PROF. Richard Behrens, direkteur van die Konservatorium aan die Universiteit, het 'n Eervolle Toekenning van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting ontvang vir sy ,,uitnemende werk in verband met musiek in Kaapland in die tydperk 1970-1979." Kaaplandse kultuurleiers word van tyd tot tyd deur dié instelling vereer.

Mnr. Dudley D'Ewes, voorsitter van die raad van die Kaapse Drie-Eeue-Stigting, het veral melding gemaak van prof. Behrens se bydrae tot die vooruitgang in die opleiding van kerkmusici, die totstandkoming van die nuwe Konservatorium en die dienste aan die breë publiek, o.m. deur die aanbieding van konserte.

Gedurende die 20 jaar van sy direkteurskap is die Konservatorium tot nuwe hoogtes gevoer. Die nuwe Konservatoriumgebou, wat so hoog deur internasionale kenners aangeslaan word, is 'n monument ter ere van prof. Behrens se toegewyde en nougesette strewe na deeglikheid en artistieke volmaaktheid.

Richard Hermann Behrens is op 7 Julie 1925 op Kroondal in die distrik Rustenburg gebore en het sy skoolopleiding op Kroondal en Rustenburg ontvang. Sy eerste musiekonderwyseres was mej. Lydia Wenhold van Kroondal. Daarna het hy onderrig in klavier, viool, orrel en harmonie ontvang van mejj. Naudé en Reinach en mev. Charlotte Prinsloo op Rustenburg.

Aan die Universiteit van Stellenbosch (1944-1948) verwerf hy die grade B.A. (cum laude) en B.Mus. Sy belangrikste dosent vir klavier, orrel en teoretiese vakke was prof. Maria Fismer.

Prof. Behrens het in 1961 direkteur van die Konservatorium en hoof van die Departement Musiek geword. In 1965 word hy hoogleraar in musiek. Hy het orrel, harmonieleer, kontrapunt, musiekgeskiedenis en vormleer gedoseer en tans net harmonieleer.

Die direkteurskap bring natuurlik heelwat doodgewone administrasiewerk en ander pligte mee, maar sy primêre belangstelling bly steeds om deur die medium van musiek met jong mense te werk en dus bly sy doseerwerk vir hom altyd van die hoogste belang.

Wat die publiek betref, moet die Konservatorium iets na buite uitstraal en in dié opsig is konsertaktiwiteite van die uiterste belang.

Sedert 1955 is prof. Behrens verantwoordelik vir die aanbieding van talle konserte deur besoekende beroemdhede sowel as die beste Suid-Afrikaanse musici en studente. Stellenbosse kunsfeeste is in 1958, 1961, 1964, 1966 en 1968 aangebied, en opknappingskursusse en meesterklasse o.m. in koorleiding deur Kurt Thomas, Thomaskantoor in Leipzig, in 1956 en 1959, en in tjellospel deur Pierre Fournier in 1978.

Op sy tweede oorsese besoek in 1960 (die eerste was in 1954) studeer hy aan die Staatliche Hochschule für Musik in Frankfurt/Main o.l.v. prof. Helmut Walcha (orrel) en Kurt Hessenberg (harmonie en kontrapunt). Laasgenoemde bekende komponis was 'n werklike simpatieke persoon, wat homself beter in musiek as in woorde kon uitdruk.

Met die oog op die nuwe Konservatorium op Stellenbosch (daar is reeds in 1962 besluit dat 'n nuwe gebou opgerig sou word) het prof. Behrens in 1970 tien van die nuutste en vernaamste musiekopleidingsentra in Duitsland, Nederland, België en Brittanje besoek. Uit al hierdie kennis het hy byeengebring wat vir ons plaaslike omstandighede paslik en van belang is.

In Mei 1979 het hy (net soos mnr. Boudewijn Scholten wat vroeër waardevolle aanvoorwerk gedoen het) die onderneming Marcussen in Denemarke besoek om o.m. die klankkarakter van die orrel met die intonateur te bespreek. As 'n mens hul orrelbou-fabriek besigtig, kom jy met elke tree die tradisie en deeglikheid van hierdie onderneming teë.

Prof. Behrens is die orrelis van die Lutherse gemeente op Stellenbosch sedert sy stigting in 1952. Hy is lid van die musiekkomitees van KRUIK en UNISA en was die eerste voorsitter van die Komitee van Hoofde van Universiteitsmusiekdepartemente.

In 1951 is Richard Behrens met Irma Schütte getroud en uit dié huwelik is vier dogters en 'n seun gebore, almal ryklik begaafd.

Toe ek prof. Behrens uitgevra het na die musici wat die grootste invloed op sy lewe uitgeoefen het, het hy gesê: ,,Ten aanvang wil ek my heel eerste musiekonderwyseres, mej. Lydia Wenhold op Kroondal, uitsonder. Sy het op my as jong seun 'n rigtinggewende invloed gehad en die liefde vir musiek by my aangewakker. As dit nie vir haar was nie, sou ek nie in die musiek beland het nie. Sy het self op Stellenbosch studeer en het by my die ideaal geskep om ook later op Stellenbosch musiek te bestudeer. Sy het ook gesorg dat ek meer uitgebreide musiekopleiding op Rustenberg ontvang." Om hierin te slaag, moes die jeugdige Richard vir elke musiekles die ses myl na Rustenburg per fiets aflê en sy vioolles was reeds om 06h30 soggens.

,,Van prof. Fismer het ek absolute deeglikheid en toewyding in harde werk geleer. Sy was wel 'n omstrede persoon maar ek het baie van haar geleer en oorgeneem. As 'n mens eers in die beroep staan word hy opnuut bewus van haar positiewe invloed.

,,'n Persoon wat op 'n ander manier 'n groot indruk op my gemaak het, is prof. Walcha. Ek was nie 'n student van hom met die oog daarop om orrelvirtuoos te word nie, maar wel 'n spesiale student. My versoek was om daagliks vir 'n jaar lank by al sy lesse teenwoordig te mag wees, en dit is wel toegestaan.'' Dit was terloops die eerste keer dat prof. Walcha 'n versoek van hierdie aard toegestaan het ...

Nie alleen het prof. Behrens die geleentheid gehad om te hoor hoe prof. Walcha die volledige orrelkomposisies van Bach behandel en toelig nie, maar in gereelde gesprekke is stylprobleme, orreltegnieke, ens. bespreek. Walcha se diepsinnige kennis kom alleen in gesprekke na vore. Ongelukkig het hy nie sy wysheid op skrif gestel nie, en Richard Behrens het baie van hul belangrike gesprekke in notaboeke opgeteken, wat dus vandag van onskatbare

Prof. Richard Behrens het 'n onuitwisbare en rigtinggewende invloed op ons musieklewe uitgeoefen ...

BEHRENS SE BLYWENDE BYDRAE

waarde is. Van tyd tot tyd het hy ook persoonlike orrellesse van Walcha ontvang.

Wat vir prof. Behrens onvergeetlik is en 'n verrykende invloed op hom gehad het, was om daagliks met so 'n groot gees te kommunikeer en kontak te hê. Niemand het seker so 'n deeglike studie van die musiek van Bach gemaak as juis Walcha nie.

Walcha het so 'n goeie kontak met prof. Behrens gevind dat hy self gesê het hy beskou die Suid-Afrikaner as sy assistent. Elke oggend het hy die blinde Duitse orrelis by die huurmotor voor die gebou gaan haal. Richard Behrens het ook baie tolkwerk gedoen by lesse van Walcha aan sy Amerikaanse studente.

Nou, twintig jaar na sy kennismaking met Walcha, vind prof. Behrens dikwels nog insig in musiekprobleme ,, in die lig van Walcha se uiters grondige benadering en diep studie van Bach. 'n Mens dra daardie insig van Walcha oor op musiek in die algemeen''.

Prof. Behrens beskou al die uitvoerings van Walcha as sy grootste musiekbelewenisse. Onvergeetlik was sy improvisasies aan die slot van die weeklikse vespers in die Dreikönigskirche in Frankfurt op Saterdae om 18h00.

NOG een van prof. Behrens se grootste belewenisse was om die Mattheüspassie in die Thomaskirche o.l.v. Kurt Thomas aan te hoor. Gedurende sy besoek van tien dae in 1960 was hy elke dag in die Thomaskirche. ,,Dit was werklik iets onvergeetliks.'' Hy kon al die repetisies bywoon, en was ook saam met die Thomaskantoor in die skool van die koorseuns (die seunskoor sing reeds sedert 1212 in die Thomaskirche), en by die repetisies met die Gewandhausorkes.

So was hy ingeskakel by al die voorbereidings wat dié uitvoerings voorafgegaan het. Tydens die een uitvoering het hy gesit op die plek in die kerk waar Karl Straube, beroemde vorige Thomaskantoor, by voorkeur gesit het,

(blaai om)

'n Foto geneem op die geselligheid nadat die Kaapse Drie-Eeue-Stigting prof. Behrens vereer het. Saam met hom is mnr. Dudley D'Ewes (middel), voorsitter van die raad van die Drie-Eeue-Stigting, en prof. H. B. Thom, oud-Rektor van Stellenbosch. Mnr. D'Ewes is onlangs in Skotland oorlede. (Foto met vriendelike vergunning van mnr. Hans Kramer.)

Dit was prof. Behrens se droom om 'n Marcussen-orrel vir die Endlersaal in die Konservatorium te bekom. Dié droom is bewaarheid en het die kroon gespan op die Konservatorium. Die Marcussen-orrel is oor 'n tydperk van twee jaar in Denemarke gebou. Dit het 44 registers en sowat 3 200 pype, waarvan die langste, die prestant van die pedaal, 4,9 m is.

en die ander keer op Kurt Thomas se plek — links was die orrelgallery met die Thomanerchor en orkes en regs Bach se grafsteen!

EEN van Richard Behrens se groot ideale toe hy die direkteurskap aanvaar het, was om hom vir 'n goedtoegeruste gebou vir die Konservatorium te beywer. Hy beskou dit as 'n buitengewone voorreg dat hy in die posisie geplaas is om 'n aandeel in die beplanning en beskikbaarstelling van die nuwe gebou te kon gehad het.

In dié verband wil hy sy dankbaarheid uitspreek vir die begrip en ondersteuning, veral van die twee vorige Rektore, proff. Thom en De Villiers, wat dit moontlik gemaak het. Spesiale dank kom ook die argitekte, Colyn en Meiring, toe „wat sulke begrip getoon het vir die vereistes van die bouwerk en so bereidwillig op al ons wense ingegaan het".

Na 'n gewerskaf van tien jaar (1960-1970) om die bou van 'n nuwe Konservatorium aan die gang te kry, het dit sewe jaar geduur voordat die gebou 'n werklikheid was. Hiervan was vier jaar suiwer beplanning met die argitekte en drie jaar bouwerk. Hierdie sewe jaar beskou prof. Behrens as die hoogtepunt van sy lewe.

Nou het die Marcussen-orrel, wat in Februarie vanjaar deur Boudewijn Scholten ingewy is, die kroon geplaas op die nuwe Konservatorium. Dit is besonder gepas dat mnr. Scholten vir die inwyding gekies is, want hy het die spesifikasies vir die orrel opgestel.

Dit was prof. Behrens en sy orrelkollegas se droom om 'n Marcussenorrel vir die Endlersaal te bekom, omdat hulle Marcussen ongetwyfeld as die beste orrelvervaardiger in die wêreld beskou. Veral vir Stellenbosch, met sy kerkmusiektradisie, was dit belangrik om 'n baie goeie orrel te verkry.

Die resultaat is dat die vernaamste orrel in Afrika — waarskynlik in die Suidelike halfrond — vandag op Stellenbosch staan. Dit het 44 registers en meer as 3 000 pype. Die bouwyse van die orrel is dié wat in die Baroktydperk gebruik is. Die duursaamheid van dié orrels word bewys deur die feit dat van dié ou orrels dateer uit die 15e eeu en steeds speel.

Prof. Richard Behrens het reeds 'n onuitwisbare en rigtinggewende invloed op ons musieklewe uitgeoefen. Ons sal in die verre toekoms die vrugte pluk van sy blywende bydrae tot die kultuurlewe, nie alleen van Stellenbosch nie, maar van die ganse land.

Mnr. Boudewijn Scholten, senior lektor in orrelmusiek aan die Universiteit, het die Marcussen-orrel vroeër vanjaar ingewy toe hy saam met die Kruik-orkes orrelkonserte van Händel en Poulenc aangebied het.

‚The Home' kom huis toe

Mev. Riana Roux, lid van die bekende gesin Honiball, met wie die Universiteit reeds jare lank noue verbintenis het, het onlangs 'n skildery, "The Home" — Stellenbosch, aan die U.S. geskenk.

Die skildery is gedoen deur mnr. James Honiball wat vroeër jare in beheer was van die Universiteit se uitdeelpakhuis. (Hy is die vader van die spotprentkunstenaar, mnr. T. O. Honiball, skepper van gewilde reekse tekenprente soos Oom Kaspaas-hulle waarmee geslagte Afrikaners grootgeword het.)

Mnr. James Honiball was van 1906 tot 1920 huisvader van The Home. Hy was onderwysman voordat hy in diens van die Universiteit getree het. Die datum op die skildery is 20 Junie 1914.

Die skildery is onlangs deur mev. Roux in Johannesburg aan die U.S. se adjunk-direkteur van Ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, oorhandig. Dit hang tans in die Carnegie-biblioteek.

Mev. Roux sê The Home se eintlike naam was 't Huis maar in die alledaagse handel en wandel het almal die plek geken op sy Engelse benaming. Mev. Roux sê dit was ook bekend as Prima, die anneks waarvan Secunda geheet het. ,,Paul Roos-Gimnasium en koshuise is later daar opgerig," sê sy, en stel die vraag: ,,Is daar miskien mense wat dit nog kan onthou...?"

Mev. Roux woon op die oomblik in Linden, Johannesburg.

Bo: Die gesin Honiball wat baie jare reeds noue bande met die U.S. het. Staande v.l.n.r. mev. Delena Kritzinger ('n dogter), mnr. T. O. Honiball en sy vrou (sy is in 1971 oorlede) en mev. Riana Roux wat die skildery van haar vader aan Stellenbosch geskenk het. Mev. Roux se seun, Johan, was student op Maties en teken ook graag. Hy was in 1965 spotprenttekenaar van Die Matie. Mnr. James Honiball sit met kleinseun Ronnie op sy knie. Ronnie is die seun van mnr. T. O. Honiball en is tans beroepsfotograaf in Kaapstad. Die kêreltjie wat mev. Honiball vashou, is mev. Kritzinger se seun, Leslie.

Regs: Die bekende Durbanse kunstenaar, Pierre Volschenk, het vroeër vanjaar 'n skildery van dr. Danie Craven, Stellenbosch se direkteur van Sport en lewenslange erepresident van die Rugbyklub Stellenbosch, aan die U.S. geskenk. Hier oorhandig mnr. Volschenk (regs) die skildery van Dok aan prof. Christof Hanekom, voorsitter van die Coetzenburgklub.

Skilderye Geskenk



Bo: Die Stellenbosse kunstenares Nerine Desmond het 'n waardevolle skildery van die Kimberleyse Groot Gat vir permanente uitstalling aan die De Beers-laboratorium van die Departement Geologie by die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Mej. Desmond het dié werk in 1969 geskilder. Mnr. H. S. Pienaar, dosent in gemmologie aan die U.S. (links), en prof. L. V. Scully, hoof van die Departement Beeldende Kunste, kyk hier toe terwyl die kunstenares die skildery aan die Rektor, Prof. M. J. de Vries, oorhandig.

LO kry 'n spogsentrum

DIE Universiteit se indrukwekkende nuwe sentrum vir liggaamlike opvoedkunde op Coetzenburg is vroeër vanjaar in gebruik geneem. Die sentrum beskik onder meer oor twee binnenshuise swembaddens en is toegerus met die modernste apparaat waarmee studente hulle vir hulle loopbane in die liggaamlike opvoedkunde kan bekwaam.

Die nuwe gebouekompleks — wat digby die D.F Malan-gedenksentrum geleë is en argitektonies daarby en by die nuwe Danie Craven-rugbystadion aansluit — is op vier vlakke gebou. Een vlak van die gebouekompleks is onder die grondoppervlak.

Die ou gebou vir liggaamlike opvoedkunde is herbou en gemoderniseer, en sodoende by die nuwe gebouekompleks ingeskakel. Die nuwe sentrum sluit ook aan by die ou Coetzenburg-swembad.

Die grootste van die twee binnenshuise swembaddens in die nuwe gebou is 25 m lank en 15 m breed. Dit het twee observasievensters onder die watervlak en is ontwerp vir onderrig en nie vir kompetisie nie. Die kleiner swembad (wat 15 m lank en 10 m breed is, en met vashoureëlings toegerus is) word gebruik vir die oefeninge van gestremdes en die onderrig van kinders.

Die sentrum beskik verder onder meer oor twee moderne gimnasiums, 'n oefensaal, 'n groot saal vir ritmiese bewegings en volksdanse, 'n goed toegeruste biblioteek en leeskamer, vier muurbalbane, twee seminaarkamers, twee groot klaskamers wat elk 100 studente kan akkommodeer, 'n lesingsaal met 250 sitplekke en drie moderne laboratoriums. In die gebouekompleks is ook vier muurbalbane.



Vier oud-dosente van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde wat die saamtrek bygewoon het, is van links af: mnr. K. A. Schreckter, prof. J. W. Postma, dr. Ernst Jokl en mnr. J. C. Kelder.

Vier van die vroue wat by die saamtrek lekker oor die ou dae kon saamgesels, is van links af: mev. Erica Jokl; mev. Postma, oud-dosente en eggenote van oud-dosent prof. J. W. Postma; mev. Hester van Huyssteen (gebore Morrison), een van die eerste studente wat haar graad in liggaamlike opvoedkunde aan die U.S. gekry het; en nog 'n oud-dosent van die departement, mev. Hilda Steinwender (gebore Robra).

. . . en dr. Jokl kom kuier

DIE legendariese dr. Ernst Jokl, stigter van die departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch 44 jaar gelede, het vroeër vanjaar spesiaal uit Amerika hierheen gekom om saam met oud-dosente en -studente van dié departement die ingebruikneming van die U.S. se nuwe LO-kompleks te vier.

Sy vrou, Erica, wat hom hierheen vergesel het, was die eerste vrouedosent in dié departement. Hulle woon sedert 1951 in die VSA, waar dr. Jokl aan die Universiteit van Kentucky 'n professoraat in die geneeskunde (sy eintlike studieveld) beklee. Van 1958 af beklee hy ook 'n ere-professoraat in die mediese wetenskap aan die Universiteit van Berlyn, in sy geboorteland.

Hy was reeds as dokter in Duitsland gekwalifiseer toe die egpaar in 1933 in Suid-Afrika aangekom het. Dr. en mev. Jokl was albei lede van die Duitse span vir die Olimpiese Spele in 1928, en terwyl hy van 1933 af vir drie jaar aan die Universiteit van die Witwatersrand studeer om ook 'n Suid-Afrikaanse geneeskundige kwalifikasie te verwerf, rig hy die Witsies se atletiekspan af. Dié wen toe die Dalrymple-beker, en so vang die jong dr. Jokl die oog van mnr. Paul Roos en prof. Ebbie Stegmann, wat hom oorreed om Stellenbosch toe te kom.

Dr. Jokl-hulle was slegs een jaar, 1936, aan die U.S. verbonde, maar dit was genoeg om sy naam in die Afrikaanse taal te verewig. Volgens die Woordeboek van die Afrikaanse taal is ,,jokkel'' studentetaal vir liggaamlike opvoedkunde en dwarsoor die land praat Afrikaanse studente vandag van ,,jokkel loop''.

Vir dr. Jokl is dit 'n monument vir die pionierswerk wat hy in Matieland gedoen het.

In 1937 het hy hom op versoek van genl. J. C. Smuts by die S.A. Verdedigingsmag aangesluit, waar hy ook diep spore getrap het en onder meer verantwoordelik was vir die opstel van 'n statuut vir 'n nasionale adviserende raad vir liggaamlike opvoedkunde, en vir navorsing in dié rigting. Dr. Jokl sê dit was ook hy wat die jong Danie Craven, toe pas terug van 'n baie geslaagde rugbytoer oorsee, oorreed het om die liggaamlike opvoedkunde sy studierigting te maak — wat Suid-Afrika dus indirek sy groot dryfkrag agter rugby gegee het. Prof. Craven (tans direkteur van sport aan die U.S.) het die eerste van sy vier doktorsgrade in die liggaamlike opvoedkinde verwerf en was later self jare lank hoof van die L.O.-departement wat dr. Jokl op Stellenbosch gestig het.

Dr. Jokl was slegs 27 jaar oud toe hy destyds die stigter van en eerste hoogleraar in die nuwe departement geword het. Op die gebied van die liggaamlike opvoedkunde, atletiekafrigting en sportgeneeskunde het hy baanbrekerswerk op Stellenbosch gedoen. 'n Uitgebreide personeel behartig vandag die werk waarvoor hy in

• *Vervolg op bl. 40*

Dr. Ernst Jokl voor die nuwe gebou vir liggaamlike opvoedkunde op Stellenbosch.

Merkwaardige Oud-Matie word 90

'n OUD-Matie wat sy BA-graad in 1911 aan die destydse Victoria-kollege verwerf het en later hoof van die Departement Fisika by Washington Square College aan die Universiteit van New York geword het, prof. Kallie van der Merwe, het onlangs sy 90e verjaardag op Stellenbosch gevier.

Prof. Van der Merwe woon sedert sy aftrede in 1955 in die Eikestad. Hy is nog verbasend gesond, en bestuur selfs nog sy eie motor.

Carel Willem van der Merwe is op Graaff-Reinet gebore. Ná sy studies op Stellenbosch is hy in 1912 getroud met mej. H. D. Rattray, en hulle vertrek na Edinburgh, Skotland, vir sy verdere studies. Ongelukkig was die standaard in fisika daar nie na wense nie, en toe Ebbie Stegmann (later hoogleraar in wiskunde op Stellenbosch) vir sy broer Jan (die 1912-Springbokrugbyspeler) in Edinburgh gaan kuier, oorreed hy vir Kallie van der Merwe om saam met hom in Göttingen te gaan studeer.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog vertrek die Van der Merwe-egpaar saam met die Stegmann-broers (Jan het toe in Göttingen by Ebbie gekuier) met die spreekwoordelike laaste trein uit Duitsland. Met hulle aankoms in Londen het Brittanje reeds teen die Duitsers oorlog verklaar.

Terug in Suid-Afrika word Kallie van der Merwe onderwyser en later skoolhoof op Harrismith, en daarna lektor aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy die graad M.Sc. in 1918 verwerf.

In 1922 keer hy terug na Göttingen en verwerf die Ph.D.-graad in 1924.

Amerikaanse vriende wat hy in Europa ontmoet het, help hom toe om 'n pos in die V.S.A. te kry. Hy wou net 'n kort rukkie daar vertoef, maar het uiteindelik 31 jaar daar gebly en later hoof geword van die groot fisika-departement by Washington Square-kollege aan die Universiteit van New York.

In die Tweede Wêreldoorlog is hy deur die marine-departement van sy kollege gevra om te help met 'n strategiese navorsingsprojek oor die sg. ,,proximity fuse.'' Elke naweek moes hy egter terugkeer om ook oor sy eie departement toesig te hou.



Oud-Matie prof. Kallie van der Merwe, voormalige hoof van die Departement Fisika by Washington Square College aan die Universiteit van New York. Hy het onlangs 90 geword.

Ná die oorlog weer is hy deur die burgemeester van New York gevra om te dien in 'n komitee wat — met die oog op 'n groot watertekort in dié stad — hom toegespits het op kunsmatige reën deur die bestrooiing van wolke met silwerjodied.

Prof. Van der Merwe, wat goed bevriend was met wyle minister Eric Louw, het later Amerikaanse burgerskap aanvaar.

Ná sy aftrede het hy en sy vrou hulle op Stellenbosch gevestig. Sy is in 1973 oorlede, nadat hulle 61 jaar getroud was.

Dr. Jokl

● *Vervolg van bl. 39*

daardie beginjare die hoeksteen gelê het.

Dié eerste jaar kan dr. Jokl nog goed in herinnering roep: die eerste groep van 20 L.O.-studente (wie se name hy nog goed onthou), en die stryd wat die kampvegters vir die nuwe departement (mense soos mnre. Paul Roos en A. F. Markötter en proff. Stegmann, Serton en Bennie Keet) moes voer, omdat almal in die U.S.-Senaat nog lank nie ten gunste van die stigting van so 'n nuwe departement was nie.

Die Jokl-egpaar was die nuwe departement se enigste personeellede. Sy voorlesingsaal was die destydse, ou, kleiner rugbypawiljoen op Coetzenburg. Onder die pawiljoen was sy kantoor. Hy het al die klasse behartig asook al die mans se sportafrigting, en sy al die vrouestudente se afrigting. Honderde studente het smiddae Coetzenburg toe gestroom om deur die Jokls afgerig te word.

,,Dié studente het toe begin praat van ‚ons gaan Jokl toe,' en vir my was dit 'n uitsonderlike, spontane eerbetuiging,'' sê die opgeruimde dr. Jokl, vir wie dit louter genot was om weer op Stellenbosch terug te wees. Selfs ná al die jare in Amerika praat hy nog goed Afrikaans. Sy toespraak met die ingebruikneming van die gebouekompleks het hy in Afrikaans gelewer.

Ook vir mev. Jokl was hulle besoek aan Matieland ,,soos 'n droom.'' Een van hulle aangename ervarings tydens die besoek was hulle bywoning van 'n atletiekbyeenkoms op Coetzenburg. Iets van die wonderlike gees van 1936 het steeds op Stellenbosch behoue gebly, sê dr. Jokl.

Langverwag – vir 'n sorglose oudag

'n SORGLOSE oudag in 'n gerieflike, moderne woonstel in Langverwag, 'n gebouekompleks vir bejaardes op Stellenbosch, is die voorreg van verskeie Oud-Maties en oud-dosente van die Universiteit.

Langverwag is sowat drie jaar gelede opgerig deur die Kruithuis Ingelyf, 'n onderneming sonder winsoogmerk, om gerieflike versorgingswoonstelle te verskaf aan mense uit die middel-inkomstegroep. Verskeie bekende Stellenbossers, waaronder prof. H. B. Thom, voormalige Rektor van die U.S., was onder die borge vir dié projek.

Die doel daarvan was die skepping van 'n rustige en gerieflike woonplek vir bejaardes in ruim, goed-ontwerpte enkel- en tweekamerwoonstelle, asook die lewering van noodsaaklike dienste soos twee maaltye per dag, skoonmaak van die woonstelle, en 'n beperkte mate van verpleging. Elke woonstel is met 'n eie badkamer en kombuisie toegerus, en die bewoners gebruik hulle eie meubels.

Die gebou is geleë op die hoek van Martinson- en Morkelstraat. Nog woonstelle kan later aangebou word, en as die geld daarvoor beskikbaar is, sal die verplegingsgeriewe ook later uitgebrei word.

Woonstelle op die grondverdieping het elk 'n eie tuintjie, en dié op die eerste verdieping elk 'n eie balkon. Die gebou het ook 'n ruim gemeenskaplike sit-eetkamer, en mooi grasperke en tuine omring die kompleks. 'n Klein winkelsentrum waar die inwoners hulle inkopies kan doen, word nou net langs Langverwag gebou.

Konserte, skyfievertonings, praatjies oor allerlei interessante onderwerpe, en weeklikse gimnastiekklasse vir bejaardes word gereeld aangebied. Die gimnastiekklasse word aangebied deur mev. Postma, oud-dosente van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die U.S. Haar man, prof. J. W. Postma, is voorsitter van die direksie van die Kruithuis Ingelyf.

Voornemende inwoners verwerf aanspraak op 'n woonplek, onmiddellik of in die jare wat voorlê, deur 'n bedrag in dié onderneming te belê. Totdat 'n mens intrek en begin huur betaal, verdien jy rente hierop.

Al die woonstelle is tans beset, maar van die begin van 1981 af sal verskeie woonstelle weer beskikbaar wees. Belangstellendes kan prof. Postma, Tarentaalweg 22, Stellenbosch, tel. 70677, om meer besonderhede skakel.



Vir Lofwaardige Diens...

DRUKWERK- EN VERPAKKINGSPESIALISTE

TRIO-RAND DRUKKERS Tel. 53-2011
S.A. LITHO CO. LTD. Tel. 53-2011
PREMIER STATIONERY Tel. 53-2011
REPROGRAPH REPRODUCTIONS Tel. 53-2011
AFRIC MAIL ADVERTISING Tel. 45-4301
STANDARD PRESS Tel. 53-2011
SPECTRUM OFFSET Tel. Johannesburg 836-9391
DAGBREEK PERS (KAAP) Tel. 53-2011
KOMPERPRINT Tel. 53-6106
MASKEW MILLER Tel. 22-4151, 45-7731
PLASTICWRAP Tel. 53-2011

TRIO·RAND/S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

Dié foto van die drie oudste oud-Harmoniete wat die reünie bygewoon het, is Saterdagoggend 29 Maart op die tuinparty geneem. V.l.n.r. mev. A. Joubert (1908), mev. M. S. Smit (1910) en mev. A. M. Schwarzer (1912).

Harmonie se fees

HARMONIE wat in 1905 beskryf is as „a home for young ladies attending College classes", se 75e bestaansjaar is in die naweek van 28 — 30 Maart vanjaar op feestelike wyse op die kampus gevier. Oud-Harmoniete het van oral oor gekom — van plekke soos Umtata, Mafeking, Kuruman, Nylstroom, Carolina, Kroonstad, Pretoria en Port Elizabeth.

Die feestelikheid het afgeskop met 'n skemeronthaal die Vrydagaand in die Langenhoven-studentesentrum wat deur die Universiteit aangebied is en waar die welkomswoord deur die vise-rektor, prof. Roux de Villiers, gespreek is. Daarná is almal koshuis toe om te luister na 'n musiekprogram onder leiding van Hanlie van Niekerk.

Die volgende dag was daar 'n tuinparty en die aand 'n formele dinee in die studentesentrum waar die premiersvrou, Mev. Elize Botha (ook 'n oud-Harmoniet natuurlik) en dr. Lettie Pretorius van Stellenbosch die spreeksters was. Sondag is die verrigtinge afgesluit met die bywoning van 'n erediens in die Moederkerk op Stellenbosch.

Links: Huidige en oud-Harmoniete op die formele dinee op Saterdagaand 29 Maart. V.l.n.r. dr. Lettie Pretorius (een van die spreeksters), mev. S. Müller (huidige prinsipale), die Premiersvrou, mev. Elize Botha (het ook as spreekster opgetree) en mev. M. Klopper (prinsipale). Agter v.l.n.r. R. Ehlers, Y. Kellerman, A. Loubser, K. Thorpe, A. Steyn, W. van der Merwe en H. Leeuvennink. A. Strydom staan heel agter.

Links: Die primarias wat die fees bygewoon het. V.l.n.r (voor) Anna du Preez (1929), Truida Louw (1931), Marie Immelman (1933), Hettie Bester (1935) en Lou Basson (1944). Agter v.l.n.r. Willene van der Merwe (1980), Brigitte Muller (1976), Anna Steyn (1974), Mavis de Villiers (1940), Mariëtte Gertenbach (1964), Christine du Toit (1965 en '66), Retha Serfontein (1947), Riana de Villiers (1967) en Helena Kitshoff (1979).

Links: Daar was ook sewe doopkapteines . . . v.l.n.r. Meta Louw (1978 en '79), Biebie de Villiers (1973), Hermien du Toit (1942), Anna Kok (1940 tot 1944), Anna Hugo (1935), Larry Pretorius (1924) en Marie Kruger (1949 en 1950)

Aanstellings en bevorderings

Prof. Bezuidenhout



Prof. Botha

DIE Raad van die Universiteit het die aanstelling van elf nuwe hoogleraars goedgekeur. Nege van hulle is verbonde aan die Fakulteit van Geneeskunde. Verskeie ander aanstellings, insluitende dié van 'n assistent-direkteur in die Departement Ontwikkeling, is ook goedgekeur.

Die nuwe hoogleraars is proff. D. J. J. Bezuidenhout, D. Botha, A. S. de Graaf, W. J. C. J. Rosenstrauch, en J. G. Steytler (almal verbonde aan die Department Interne Geneeskunde), proff. J. P. du Toit en N. S. Louw (Departement Verloskunde en Ginekologie), prof. J. A. van Zyl (Chirurgie), prof. J. J. van der Walt (Anatomiese Patologie), prof. P. W. van der Walt (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) en prof. P. G. Human (in die Departement Didaktiek in die Fakulteit Opvoedkunde).

Prof. Bezuidenhout, 58, het in 1944 as geneesheer aan die Universiteit van Kaapstad gekwalifiseer, en vyf jaar later verwerf hy die graad M.D. aan die Universiteit van Pretoria. Hy is 'n geaffilieerde lid van die Royal College of Medicine en 'n medestigterslid van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika. Hy is sedert 1975 dosent in interne geneeskunde aan die U.S. se Fakulteit van Geneeskunde en ook hoof van die Departement Gastro-enterologie.

Prof. Bezuidenhout het veskeie publikasies agter sy naam.

Prof. Botha, 56, het in 1946 as geneesheer gekwalifiseer en was van die volgende jaar tot 1953 in algemene praktyk. Van 1963 tot 1976 was hy hoogleraar in die Departement Farmakologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy was ook lank dié departement se hoof. Die afgelope vier jaar is hy hoofspesialis in die Departement Interne Geneeskunde aan die U.S. se mediese fakulteit.

Talryke gesaghebbende publikasies het reeds uit prof. Botha se pen verskyn.

Prof. De Graaf, 59, het aan die Ryks Universiteit in Leiden, Nederland, in die geneeskunde gestudeer. In die jare vyftig het hy in psigiatrie en neurologie gespesialiseer en van 1967 tot 1974 was hy hoof van die Departement Neurologie aan die Regionale Hospitaal in Tromsö, Noorweë. In dié praktyk het hy ook die graad M.D. verwerf.

Prof. De Graaf het in 1974 na Suid-Afrika gekom. Hy is sedert 1976 hoofspesialis in neurologie by Tygerberg. Verskeie publikasies het reeds uit sy pen verskyn.

Prof. Du Toit, 50, het in 1952 die graad M.B., Ch.B. aan die U.K. verwerf. Hy het die kwalifikasie L.K.O.G.(S.A.) in Mei 1961 verwerf en in Desember 1962 is die M.Med (O. & G.) op Stellenbosch aan hom toegeken. Later was hy ook o.m. dosent aan die Universiteit van Pretoria en in 1974 is hy aangestel as eerste spesialis in die Departement Verloskunde en Ginekologie aan die Tygerberg-Hospitaal en die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. Du Toit het reeds verskeie publikasies die lig laat sien.

Prof. Louw, 58, het die graad M.B., Ch.B. en die magistergraad (M.Med. O. & G.) aan die Universiteit van Kaapstad behaal. Sedert Maart 1974 is hy hoofspesialis aan die Departement Verloskunde en Ginekologie by die Tygerberg-Hospitaal.

Prof. Louw het reeds wyd gepubliseer.

Prof. Rosenstrauch, 49, het hom as geneesheer aan die Universiteit van Kaapstad bekwaam. In 1975 het hy 'n doktorsgraad in geneeskunde aan die U.S. behaal. Sedert 1966 het hy die poste spesialis, senior spesialis, eerste spesialis en hoofspesialis (kliniese hematologie en onkologie) in die Departement Interne Geneeskunde beklee.

Hy het reeds tientalle artikels geskryf vir nasionale tydskrifte en joernale.

Prof. Steytler, 52, het die graad B.Sc. in 1949 op Stellenbosch verwerf en twee jaar later die graad M.Sc. aan die U.K. In 1957 studeer hy af as geneesheer aan die U.K. en behaal in 1962 die graad M.Med. en in 1969 die graad M.D. aan die U.S. Hy is sedert 1958 dosent aan die U.S. se Fakulteit van Geneeskunde en het in 1972 medeprofessor geword.

Hy het reeds 'n groot aantal publikasies agter sy naam.

Prof. Van Zyl, 46, het aanvanklik in die landbou gestudeer



Prof. Steytler

Prof. Van Zyl

Prof. J. J. van der Walt


Prof. De Graaf

Prof. Du Toit

Prof. Louw

Prof. Rosenstrauch

voordat hy besluit het om hom as geneesheer te bekwaam. Hy het die graad M.B., Ch.B. in 1962 aan die U.S. behaal nadat hy reeds in 1955 die graad B.Sc. (landbou) op Stellenbosch verwerf het. Die graad M.Med. (chirurgie) is in 1968 op Stellenbosch aan hom toegeken.

Prof. Van Zyl, wat in 1977 aangestel is as hoofspesialis in die Departement Algemene Chirurgie aan die U.S. se Fakulteit van Geneeskunde, het ook gestudeer aan die Rochester School of Medicine in Rochester in Amerika en aan die Schouldice Clinic in Toronto, Kanada.

Tientalle publikasies het reeds uit sy pen verskyn.

Prof. J. J. van der Walt, 49, het in Desember 1955 as geneesheer aan die Universiteit van Kaapstad afgestudeer. Hy was een van twee studente wat die beste in patologie gevaar het. In 1962 verwerf hy die graad M.Med. aan die U.K. en 12 jaar later 'n doktorsgraad aan die U.S.

Prof. Van der Walt het reeds talle publikasies die lig laat sien. Hy is 'n assessorlid van die S.A. Akademie en verskeie jare al raadslid van die Suid-Afrikaanse afdeling van die International Academy of Pathology.

Prof. P. W. van der Walt, 32, het die grade B.Sc., B.Ing. en M.Ing. almal cum laude aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy het in Januarie 1971 junior lektor in elektrotegniese ingenieurswese op Stellenbosch geword en is in Januarie die volgende jaar tot lektor bevorder. Op 1 Oktober 1973 het hy senior lektor geword. Hy is in 1975 geregistreer as professionele ingenieur.

Artikels wat hy geskryf het, het reeds o.m. in 'n internasionale Britse vaktydskrif verskyn.

Prof. P. G. Human, 35, het in 1966 die graad B.Sc. op Stellenbosch verwerf. Daarná het hy die grade B.Ed. en M.Ed. albei cum laude aan die Universiteit van Pretoria behaal, en verlede jaar is 'n doktorsgraad in die opvoedkunde op Stellenbosch aan hom toegeken. Hy is sedert April 1978 senior lektor op Stellenbosch.

Uit prof. Human se pen het reeds ses tydskrifartikels en drie monografieë verskyn, en hy is ook mede-outeur van 'n boek.

In die Departement Ontwikkeling is mnr. Henry Visser in die nuwe pos van assistent-direkteur (fondsinsameling) aangestel. Mnr. Visser het op 1 Oktober 1978 in diens van die Universiteit getree as senior ontwikkelingsbeampte in die Departement Ontwikkeling.

In sy nuwe pos sal hy verantwoordelik wees vir die uitvoering en koördinering van die landswye fondswerwingsveldtogte van die departement onder maatskappye, oud-studente, ouers van studente en ander individue.

Mnr. Visser het die graad B.Comm. in 1956 en die Sekondêre Onderwysersdiploma in die volgende jaar op Stellenbosch verwerf. In 1969 het hy die graad Hons.-B.Comm. aan die U.S. geslaag.

Mnr. Visser het wye ondervinding van die sakesektor. Hy was o.m. nasionale distribusiebestuurder van Simba-Quix, bestuurder (uitvoerbevordering) by Federale Volksbeleggings en groepbemarkings- en bedryfbestuurder van die Plaza-groep van hotelle.

Die bekende Springbok-kanovaarder, Sunley Uys, het op 1 September vanjaar in diens van die Departement Ontwikkeling getree as senior ontwikkelingsbeampte. In sy nuwe pos sal hy landswyd met mense skakel wat bemakings aan die Universiteit oorweeg.

Voor sy aanstelling was mnr. Uys versekeringsmakelaar en finansiële adviseur in die Eikestad. Hy het ook drie jaar vir Ou Mutual gewerk.

Mnr. Uys het die graad B.A.(L.O.) op Stellenbosch verwerf. Springbokkleure in kanovaart is in 1972 aan hom toegeken en twee jaar gelede is die Staatspresident se Sporttoekenning aan hom gedoen vir sy oorwinning in die internasionale Gudenakanowedvaart in Denemarke.

Mnr. Uys is getroud met mej. Erna Delport. Sy het die graad B.Mus in 1972 aan die U.S. verwerf. Die egpaar het twee dogters en 'n seun.


Prof. P. W. van der Walt

Prof. Human

Mnr. Visser

Mnr. Uys

† In Memoriam †

Die gevierde Afrikaanse digter W. E. G. Louw (67) is in April vanjaar oorlede. Hy het in 1978 as hoogleraar in Afrikaans en Nederlands aan die U.S. afgetree; was die jongste broer van wyle prof. N. P. van Wyk Louw; was een van die belangrikste digters van Dertig; het die Hertzogprys vir poësie in 1934 en die medalje van verdienste van die S.A. Kunsvereniging in 1956 en die Gustav Preller-prys vir literatuur, wetenskap en kritiek in 1970 ontvang; was hoogleraar aan die Rhodes-universiteit gedurende 1944 — 1957 en daarna kunsredakteur van Die Burger tot 1966 toe hy hoogleraar op Stellenbosch geword het; en was tot met sy dood besoekende professor aan die Universiteit van Kaapstad. Prof. Louw is al beskryf as ,,toonbeeld van die Afrikaanse aristokrasie'', en was onder meer raadslid van die U.K., lid van die uitvoerende komitee van die F.A.K. en van die raad van trustees van die S.A. Kunsmuseum en die S.A. Kultuurhistoriese Museum. Hy word oorleef deur sy weduwee, die komponiste Rosa Nepgen, en twee seuns.



Prof. W. E. G. Louw

Dr. S. J. (Faantjie) Pretorius (74), gewese dosent in ekonomie, hoogleraar in statistiese wiskunde en tot met sy aftrede in 1966 tien jaar lank registrateur aan die U.S., is in Julie vanjaar oorlede. Hy behaal op Stellenbosch die grade B.Sc. en M.Sc. en die Sekondêre Onderwysdiploma almal cum laude voordat hy in 1930 die graad Ph.D. aan die Universiteit van Londen verwerf en met verskeie beurse sy studies aan die Amerikaanse universiteite van Chicago en Cornell voortsit. Ook op die sportveld presteer hy as rugbyspeler vir die Matie-eerstespan, die W.P. en in die Springbokproewe van 1933.

Sy Alma Mater ken in 1978 'n eredoktoraat in die handelswetenskappe aan hom toe. Hy word oorleef deur sy weduwee, dr. Lettie Pretorius, vier kinders en ses kleinkinders.

Die president van die W.N.N.R., dr. Christiaan van der Merwe Brink (64), is op 3 Mei oorlede. Hy het die grade B.Sc. en M.Sc. (cum laude) aan die U.S. behaal. Vier ere-doktorsgrade is aan hom toegeken, asook die goue medalje van die Chemiese Instituut en die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens. Hy het gedien in onder meer die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister, Raad op Atoomkrag, Nasionale Instituut vir Metallurgie, Krygstuigontwikkelingskorporasie en Mediese Navorsingsraad. Hy laat sy weduwee, vyf kinders en sewe kleinkinders agter.

Die ontdekker van die beroemde Kakamas-perske, mnr. A. D. Collins, is in Mei vanjaar op sy tuisdorp, Kakamas, oorlede. As jong onderwyser het mnr. Collins — wat die graad B.Sc. (landbou) in 1929 op Stellenbosch verwerf het — dié perske in 'n boer se boord opgespoor en wyle prof. O. S. H. Reinecke, destyds hoogleraar in landbou aan die U.S., daarvan laat weet. Prof. Reinecke was verantwoordelik vir die ontwikkeling van wat al beskryf is as ,,die beste inlêperske ter wêreld''. Net in Wes-Kaapland is nou meer as 1,5 miljoen afstammelinge van die oorspronklike boom. Die Langeberg-Koöperasie het reeds vyf goue en drie silwermedaljes op wêreld-voedsel-olimpiades en -wedstryde daarmee verower. In 1965 het dié koöperasie die knoets van die oorspronklike Kakamas-moederboom aan die Universiteit geskenk, waar dit tans in die voorportaal van die Administrasiegebou te sien is.

Matieland het ook verneem van die afsterwe van die volgende Oud-Maties:

Prof. J. M. (Joey) Joubert (88), afgetrede hoogleraar in chemie en dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het op Stellenbosch die graad M.Sc. behaal en daarna sy doktorsgraad aan die Massachusetts Institute of Technology. Hy laat sy weduwee, seun en drie kleinkinders agter.

Die rektor van die onderwyserskollege op Oudtshoorn, Oud-Matie mnr. Carel (Callie) Koch (51), is in Junie oorlede. Hy was vroeër hoof van die Hoërskool Calvinia en van die Paarlse Hoër Jongenskool, en was voorsitter van die W.P.-Skolerugbyunie en tot met sy dood bestuurslid van die Suidwestelike Distrikte-rugbyunie. Hy laat sy wewudee en drie kinders agter.

Dr. At van der Merwe (32), tandarts van Bonnievale. Hy was 'n student in die eerste tandheelkundeklas aan die U.S., en het in sy studentejare vir W.P. en die Maties se eerste rugbyspan gespeel. Hy word oorleef deur sy weduwee.

Mnr. J. S. (Phinus) Olivier (83), een van die laaste oorlewendes van Theo Pienaar se Springbokspan wat in 1921 in Nieu-Seeland getoer het. Hy was vanaf 1946 vir elf jaar hoof van die Hoërskool Kensington, Johannesburg. Sy weduwee en drie dogters oorleef hom.

Mnr. J. J. (Johan) Piek, een van die pioniers van die Rembrandtgroep in die jare veertig. Hy het verskeie senior poste in dié onderneming beklee en was 'n direkteur daarvan toe hy verskeie jare gelede afgetree het. Hy laat sy weduwee, vier kinders en elf kleinkinders agter.

Ds. S. A. Opperman (56) van die N.G. Gemeente Seinheuwel, Bloemfontein. Hy is gelegitimeer in 1947 en was ook predikant op Cathcart en Zastron en in Port Elizabeth en Oos-Londen. Hy word oorleef deur sy weduwee en drie kinders.

Mnr. P. P. Voges (25), wat staatsaanklaer op Somerset-Wes geword het nadat hy in Maart vanjaar die graad LL.B. op Stellenbosch behaal het. Hy is in Mei in 'n motorongeluk oorlede, en was ongetroud.

Oud-appèlregter P. J. van Blerk van Bloemfontein. Hy het in 1970 en 1975 waargeneem as hoofregter. Hy word oorleef deur sy weduwee, drie kinders en tien kleinkinders.

Ds. B. T. Richard (45) van die N.G. Gemeente Pretoria (Groote Kerk, Bosmanstraat). Hy was voorheen leraar in Oos-Londen en Waverley en op Naboomspruit en het 'n leidende rol vervul in kerkjeugwerk. Hy word oorleef deur sy weduwee en twee seuns.

Mnr. J. E. (Jannie) Brevis (87) van Adelaide, in lewe een van die oudste Oud-Maties. Hy was vise-hoof van die Hoërskool Adelaide en ná sy aftrede het hy afloswerk gedoen aan die Hoër Tegniese Skool en Hoër Huishoudskool op dié dorp, totdat hy 72 jaar oud was.

Ds. Johann J. Lübbe (74), wat in 1973 sy emiritaat op Steytlerville ontvang het. Hy was ook predikant op Vredefort en Jagersfontein. Ná sy uittrede uit die bediening het hy op Heuningneskloof gewoon. Hy laat sy weduwee en seun, albei ook Oud-Maties, agter.

Ds. P. W. J. (Paul) van Jaarsveld (72), wat in 1974 in die gemeente Kleinmond afgetree het. Hy was ook leraar van Riebeeck-Wes, Eppingtuin, Albertinia, Stellenbosch-Noord, Tulbagh en Noorder-Paarl. Hy laat sy weduwee en vier kinders agter.

Ds. Malan Louw (31) van die N.G. Gemeente Uitenhage-Noord. Hy is onverwags tydens 'n N.G. Kerk-konferensie in Bloemfontein oorlede. Hy word oorleef deur sy eggenoot.

Mnr. Daneel du Preez (77), wat ná sy aftrede by die vrugtenavorsingstasie op Stellenbosch in 1963 drie jaar as dosent in pomologie aan die Universiteit verbonde was. Hy word oorleef deur sy vrou en twee seuns.

Dr. J. P. Coetzee (62), oud-besturende direkteur van Yskor. Tydens sy ampstermyn is die spoorlyn tussen Sishen en Saldanha, asook die yster- en staalfabriek op Newcastle tot stand gebring. Hy laat sy weduwee en vier kinders agter.

Mev. Christa Pellissier (36), voorheen verbonde aan die administatiewe personeel van die Universiteit van Stellenbosch, is vroeër vanjaar op Stellenbosch oorlede. Sy word oorleef deur haar man, mnr. Murray Pellissier van die Departement Ontwikkeling aan die U.S. en voormalige inwonende hoof van die manskoshuis Hombré, en twee kinders.

Mej. Karen Vermeulen (20), drama-student aan die U.S. en een van verlede jaar se Matie-debutantes, is dood in 'n motorongeluk. Haar ouers is mnr. en mev. Fanie Vermeulen van Riebeeck-Wes.

'n U.S-student, mnr. Deon le Roux, (22), is aan sy ouerhuis op Stellenbosch oorlede. Hy laat sy ouers, mnr. en mev. F. J. le Roux, agter.

Dr. V. W. (Vic) Smit van die nagraadse Bestuurskool aan die U.S. is op 16 Julie op sy 44e verjaardag oorlede. Hy was voorheen verbonde aan die Technikon in Port Elizabeth asook die Sagtevrugteraad, en is beskou as 'n kenner oor marknavorsing. Hy word oorleef deur sy weduwee en hulle drie kinders.



Dr. Vic Smit

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH GEHOU IN DIE H. B.THOM-TEATER OP 30 NOVEMBER 1979 OM 19H30

Aanwesig:
Prof. H. B. Thom (President en Voorsitter), mnr. J. A. M. Archer, mev. I. A. Barnard, prof. W. S. Barnard, mnr. D. V. Benade, mevv. K. E. Beyleveld, R. Beyleveld, J. I. Blignaut, ds. J. M. Blignaut, mev. E. W. Bröhmer, mnr. W. J. C. Boonzaier, prof. B. Booyens, mev. J. S. Booyens, prof. A. G. Botha, mnr. C. van Brakel, mev. J. M. Broderick, mnr. S. W. Broderick, mevv. B. Challoner, M. S. B. Cilliè, E. J. Cilliers, proff. S. P. Cilliers, A. Coetsee, mej. C. E. S. Coetzee, mnr. J. P. Coetzee, prof. P. J. Conradie, mnr. R. P. Conradie (sekretaris), mev. U. Conradie, dr. D. H. Craven, prof. J. J. Cruywagen, ds. T. J. de Clercq, mej. E. L. Dednam, mev. E. H. de Goede, mnre. J. H. de Goede, W. A. de Jongh, N. C. de Klerk, C. P. de Leeuw, G. J. de Swardt, prof. D. I. de Villiers, mev. J. de Villiers, proff. J. W. R. de Villiers, M. de Villiers, O. T. de Villiers, P. C. de Villiers, mev. S. de Villiers, prof. M. J. de Vries, mevv. R. de Vries, C. M. Dreyer, mnr. H. S. Dreyer, prof. T. P. Dreyer, mnr. W. P. J. Dreyer, mej. A. du Toit, proff. C. A. du Toit, J. B. du Toit, D. L. Ehlers, mev. A. C. Ekron, mnre. J. C. Erasmus, A. J. Esterhuyse, mev. H. A. Evans, mnre. J. L. Fechter, D. Goldie, B. Goosen, proff. T. N. Hanekom, G. L. F. Hartwig, mev. J. M. Hartwig, Mnre. D. C. Hauptfleisch, A. Hendrikse, dr. J. B. B. Heyns, mej. H. J. Horne, ds. J. A. Hurter, mev. C. Jansen, prof. J. P. Jansen, mev. H. M. Jordaan, prof. P. G. Jordaan, mev. A. Joubert, mej. S. Kleynhans, adv. T. E. Kleynhans, dr. J. A. Koch, prof. D. J. Kotzé, dr. G. J. R. Krige, mnre. J. C. Krynauw, S. F. Lenhoff, mevv. E. M. le Roux, E. N. le Roux, proff. I. A. le Roux, J. A. le Roux, mnr. J. v.d. V. le Roux, prof. L. C. le Roux, mnre. M. S. le Roux, P. J. le Roux, G. P. Lochner, mev. J. Lochner, mnr. P. J. Lombard, mev. S. Lombard, ds. T. E. Lombard, mnr. J. de V. Lötter, mej. G. Louw, mnre. M. J. Louwrens, G. H. Malherbe, mevv. A. Marais, G. J. Marais, mnr. G. V. Marais, mevv. M. Mars, C. Meaker, mnre. N. Meyer, P. K. Morkel, mevv. R. Morkel, E. J. Mostert, drr. A. Müller, B. A. Müller, kapt. P. J. Müller, dr. L. M. Muntingh, mnr. L. J. Murray, mev. M. E. Murray, dr. M. W. P. Nienaber, mnre. G. Nieuwoudt, J. G. Nieuwoudt, mev. L. Nieuwoudt, mej. E. A. Nolte, mev. C. M. O'Kennedy, dr. J. N. F. O'Kennedy, mnre. J. R. Olivier, J. J. Oosthuysen, T. Pauw, dr. J. R. Potgieter, mnr. N. J. Prins, ds. W. Rautenbach, mnre. P. Reuvers, F. S. Robertson, mev. L. Roos, mnre. P. K. Roos, W. J. Roos, D. J. Rossouw, proff. I. C. Rust, D. F. Schneider, mevv. F. C. Schneider, M. J. Scholtz, mnre. D. A. Schoonees, C. A. W. Schumann, mej. L. Sieberhagen, mnr. A. A. Slabber, mev. H. M. Smit, mnr. J. N. Smit, mev. M. J. Smit, mej. A. Smith, ds. A. J. H. Smith, dr. J. G. Smith, prof. F. Smuts, mevv. J. H. Smuts, C. M. Squier, mnre. G. F. Stegmann, C. M. Stimie, mev. J. M. Stimie, mnr. J. H. Strauss, mej. M. Terblanche, prof. A. A. Theron, mevv. E. Theron, H. I. Theron, mnre. J. P. Theron, W. Theron, prof. F. G. Thiart, mev. M. J. Thom, mnr. W. H. Toerien, mev. A. J. Tötemeyer, mnr. P. van der Gaast, mev. A. L. van der Merwe, mnre. C. van der Merwe, F. J. van der Merwe, mev. M. van der Merwe, mnr. P. J. van der Merwe, M. S. van der Walt, prof. W. M. van der Westhuizen, mnre. M. J. C. van Greunen, F. W. van Heerden, prof. H. G. van Niekerk, mev. B. A. van Rooyen, prof. J. W. van Rooyen, mev. D. M. van Vuuren, dr. J. C. J. van Vuuren, mnr. H. B. van Zyl, proff. H. J. Vermaas, H. C. Viljoen, mnr. H. S. Visser, mej. O. Visser, mev. J. L. Webb, prof. M. Webb, mnr. H. J. Zietsman.

Sewe-en-vyftig besoekers het ook die presensielys onderteken.

Konstituering:
Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, voor, en die Voorsitter verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer.

Na 'n openingsgebed deur dr. B. A. Müller heet die Voorsitter al die aanwesiges welkom.

Betuiging van meegevoel:
Die vergadering betuig sy meegevoel met die naasbestaandes van lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering oorlede is. Die volgende name word genoem: mevv. Eugenie Fraser (die U.S. se oudste oud-student; het in 1904 die graad B.A. aan die ou Victoria-Kollege verwerf), Hildegarde Morrison, mnr. Nicolaas van Blerk, prof. P. J. van der Merwe, ds. Gerjo van der Merwe, prof. J. C. G. Kotzé, mnr. A. H. (Vossie) de Vos, dr. Anna J. D. de Villiers, di. J. D. Steenkamp, H. J. Klem, mnr. M. A. (Charlie) Gronum, prof. F. E. J. Malherbe, mnre. A. A. Pienaar (Sangiro), Tol de Villiers, di. Z. B. (Zachi) Badenhorst, C. J. Hattingh, dr. M. S. (Tinie) Louw, prof. C. F. G. Gunter, dr. Hans Herre, mnr. Salty du Rand, ds. A. P. Smit, prof. J. P. Yeats, drr. G. J. (Giepie) Rossouw, C. F. Ziervogel, prof. J. R. Pauw en mnr. W. J. (Champion) Myburgh.

Notule:
Die notule van die vergadering van 30 November 1978 word bekragtig en deur die Voorsitter onderteken.

Geleentheidspreker:
Die geleentheidsonderwerp, t.w. ,,Krisis in ons Sport'' word vervolgens deur prof. D. H. Craven behandel, met besondere verwysing na die probleme wat reeds sedert 1937 t.o.v. kleur en internasionale rugby bestaan.

Die voorsitter bedank prof. Craven vir sy geleentheidstoespraak en stel die volgende mosie voor:

,,Die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch neem met groot belangstelling kennis van die werk wat prof. D. H. Craven in die loop van baie jare op die gebied van sport gedoen het; verkeer terdeë onder die indruk van die waarde wat hierdie werk vir Suid-Afrika in die algemeen, en Stellenbosch in die besonder, gehad het en nog steeds het; spreek sy hoë waardering uit teenoor prof. Craven vir die voortreflike opvoedkundige bydrae wat hy gelewer het; en rig 'n woord van opregte dank tot die Universiteit vir die geleenthede en fasiliteite wat tot prof. Craven se beskikking gestel is, en wat hom in staat gestel het om hierdie bydrae te lewer.''

Die mosie word eenparig aangeneem.

Gelukwensings:
Onbestrede voorstelle van gelukwensing aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het, word aangeneem, onder andere: Prof. M. J. de Vries aangestel as Rektor van die U.S.; Prof. J. W. R. de Villiers aangestel as vise-rektor van die U.S.; Mnr. Eugene Louw aangestel as Administrateur van Kaapland; Prof. H. B. Thom en mnr. Kerneels Human ontvang ere-doktorsgrade van U.O.V.S., Drr. W. P. de Kock en Bob de Jongh ontvang ere-doktorsgrade van U.S., Prof. D. H. Craven, dr. Anna Böeseken en mnr. Theo Pauw ontvang ere-doktorsgrade aan einde van 1979 van U.S.; Mej. Marlene van Niekerk verwerf Kanseliersmedalje; Mnr. Dolf Schumann (ingenieurswese) en dr. A. P. Burger (toeg. wiskunde) aangestel as ere-professore aan U.S.; Prof. Piet Cillié ontvang Markus Viljoen-medalje vir Joernalistiek; Mnr. Etienne le Roux verower Hertzogprys vir Letterkunde; Proff. Christo Viljoen en Billy Nell word voltydse dekane van onderskeidelik die Fakulteite Ingenieurswese en Opvoedkunde; Nuwe hoogleraars op Stellenbosch: Proff. H. F. Vermaas (bosbou), Serf Kritzinger (fisika), L. A. V. Hiemstra (ingenieurswese), R. R. Arndt (chemie), J. H. Visser (botanie), D. H. Odendaal (teologie), J. A. Beyers (radiologie), F. R. Erasmus (anestesiologie); Dr. P. H. Spies aangestel as hoof, Eenheid vir Toekomsnavorsing; Dr. Wim de Villiers aangestel as president, Raad op Atoomkrag; Mnr. Piet Palm aangestel as eerste ambassadeur in Venda; Regter P. J. van der Walt aangestel as eerste Advokaat-Generaal; Mnr. Deon Jooste word nuwe direkteur van die Stigting Simon van der Stel; Mnr. Gys Steyn aangestel as besturende direkteur van Kaapse Wyn en Distilleerders Bpk.; Mnr. Michiel le Roux word aangestel as besturende direkteur van Oude Meester Bpk.; Proff. D. W. de Villiers, A. H. van Wyk, D. J. van Zyl en H. C. Viljoen verkry volle lidmaatskap van die S.A. Akademie; Prof. H. v.d. M. Scholtz ontvang Gustav Prellerprys vir Literatuurwetenskap en prof. Frans Smuts ontvang besondere erepenning vir Kultuurbewaring.

Die voorsitter verdaag die vergadering om 21h10 nadat hy die sekretaris namens die aanwesiges bedank het vir sy bydrae.

Só lyk die nuwe Oud-Matiesweetpak. Ons modelle is Dawie Snyman en Vanessa Botha. (Lees op bladsy 6)

Elke Sigaret 'n Meesterstuk



Room van die Oes

'n Sigaret is so smaakvol soos sy tabak. Die room van die oes is in Rembrandt van Rijn, vermeng met sorg en vakmanskap om u genot te verryk. Volmaakte geur en onmiskenbare smaak maak Rembrandt van Rijn die meesterstuk in sigarette.

GENIET DIE ROOM VAN DIE OES IN REMBRANDT VAN RIJN

VRF 268A